

'N LITERATUROPVATTING VIR DIE EVALUERING VAN  
'PEOPLE'S POETRY' IN AFRIKAANS


RICHARD MPOBE LETSHOLO  
BA (ED); BA (HONS); JSOK

Verhandeling voorgelê vir die graad MAGISTER ARTIUM  
in die departement Afrikaans van die Skool van Opvoedkunde  
aan die Universiteit van Bophuthatswana

Studieleier: Prof. Tom Gouws

Mmabatho  
November 1993

"I declare that the dissertation for the degree of Magister Artium at the University of Bophuthatswana hereby submitted, has not previously been submitted by me for a degree at this or any other University, that it is my own work in design and execution and that all material contained herein has been duly acknowledged."



---

RICHARD MPOBE LETSHOLO

Geldelike bystand gelewer deur die Universiteit van Bophuthatswana word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie aan die Universiteit toegeskryf word nie.

"What actually remains of that distant time? Today people regard those days as an era of political trials, persecutions, forbidden books, and legalized murder. / But we who remember must bear witness: it was not only an epoch of terror, but also an epoch of lyricism, ruled hand in hand by the hangman and the poet."

(Milan Kundera: Life is elsewhere).

## DANKBETUIGING

Met groot dankbaarheid aan:

- \* prof. Tom Gouws, my studieleier wat eindelijk ook 'n vriend geword het, vir sy hardwerkendheid en deursettingsvermoe en veral sy aardse menslikheid;
- \* my liewe gesin: Fasty, Itebogeng en Letlotlo wat baie moeilike dae en nagte in eensaamheid met geduld gewag het terwyl ek aan hierdie studie gewerk het; die bystand en samewerking van die vriende van my gesin Mogoeng en Mmaphero kan ook nie ongemeld gelaat word nie;
- \* die rektor van Lehurutshe Onderwyskollege, mnr. Siegfried Hlongwa, wat my te alle tye bygestaan en moed ingepraat het in tye van krisis wanneer die tuig vasgebrand het;
- \* my kollegas en vriende wat altyd met belangstelling verneem het van my vordering: Collen, Johnson, Solly, Robbie, Rajendra en Maryna; en
- \* my vriende van die Kontakweek en die Hoogenhout Navorsingsentrum vir Afrikaans: Julius, Peter, Gaba, Matii, John en Ruth - mag die Here ons almal seën.

\*\*\*\*\*

NWU  
LIBRARY

## HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1	Probleemstelling en terreinomskrywing	7
1.2	Aktualiteit en doelformulering	12
1.3	Hipoteses	14
1.4	Afbakening	15
1.5	Metodologie en verloop van die studie	16

HOOFSTUK 2: OP SOEK NA 'N LITERATUUROPVATTING VIR  
AFRIKAANSE 'PEOPLE'S POETRY'

2.1	Inleiding	17
2.2	Omskrywing van begrippe	18
2.2.1	'swart Afrikaanse digters'/'people's poets'	19
2.2.2	'people's poetry'/'sonbesiepoësie'	22
2.2.3	'literatuuropvatting'	24
2.2.4	'evaluering'	25
2.3	Die orale literêre tradisies	27
2.3.1	Inleiding	27
2.3.2	Die orale tradisie: 'n teoretiese perspektief	28
2.4	Die spanning tussen 'dokumentasie' en 'estetika'	34
2.5	'n Literatuuropvatting vir strydpoësie as Afrika- poësie	41
2.6	Samevatting	46
	Aantekening by hoofstuk 2	50

<b>HOOFSTUK 3: DIE TEKSTUUR VAN AFRIKAANSE 'PEOPLE'S POETRY'</b>	
3.1 Inleiding	51
3.2 Struktuurwetmatighede in Afrikaanse 'people's poetry'	53
3.3 Kanon versus nie-kanon	60
3.4 Samevatting	82
<b>HOOFSTUK 4: SAMEVATTING EN SLOTSOM</b>	<b>85</b>
<b>SUMMARY</b>	<b>92</b>
<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>95</b>

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1. PROBLEEMSTELLING EN TERREINOMSKRYWING

Die bydrae van swart digters tot die Afrikaanse poësie is 'n braak terrein in die literatuurgeskiedskrywing van Afrikaans. As 'n mens kyk na die literatuurgeskiedenis en -kronieke soos dié van Dekker, Cloete et al., Kannemeyer, Nienaber, selfs Lindenberg et al., is daar weinig, indien enige blyke van die bestaan van die groot hoeveelheid ongekanoniseerde swart Afrikaanse digters (enkele figure, soos S.V. Petersen en Adam Small uitgesluit), om van hulle bydrae nie eens te praat nie. Dat die literêre geskiedskrywing in Afrikaans hoofsaaklik in diens was van 'n bepaalde blankesentriese ideologie, is duidelik.

Buite die literatuurgeskiedenis om het die hele kwessie van swart Afrikaanse poësie hoofsaaklik ter sprake gekom in debatte en penstryde oor die problematiek rondom die evaluering van dié sogenaamde 'people's poetry'.

'People's poetry', of dan swart Afrikaanse poësie, dien dus as 'n duidelike ideologiese stellingname teen die elitistiese gesigshoek van die ontwikkelde Westerse tradisie wat "estetiese" letterkunde as die enigste kriterium of norm

voorhou.

Gevolgtlik het die sentrale argument in hierdie saak die vraagstuk geword: in watter mate is swart Afrikaanse poësie blote "dokumentasie", en hoe voldoen dit aan die "estetika"-norme waaraan Westerse poësie in die algemeen gemeet word. Meer nog: moet dié tipe poësie nie eerder binne 'n Afrika-raamwerk gelees en waardeer word nie? En wat sal dit behels?

Dit is duidelik dat hier twee teenmekaarwerkende tradisies ter sprake is: aan die een kant die Westerse tradisie wat in wese "skriftelik" van aard is en die Afrika-tradisie wat in wese 'n "orale" tradisie is. Vanselfsprekend word eersgenoemde model as 'n deurslaggewende maatstaf by die beoordeling van literêre tekste beskou. Soos blyk uit die beoefening van die literatuurkritiek in Afrikaans word die 'Afrika-model' as ongunstig vir evalueringdoeleindes beskou.

Ten spyte van die feit dat die Westerse tradisie van literêre beskouing vandag reeds baie verfyn is, en oor die algemeen aanvaar word as die enigste geldige kriterium vir die evaluering van literêre tekste, is daar steeds 'n groot mate van twyfel oor wat presies die evalueringsmaatstawwe is. Desnieteenstaande is dit duidelik dat hierdie sogenaamde 'versetpoësie' in Afrikaans (op grond van resepsieverslae) duidelik nie die toets van dié ongespreekte kriteria vir

kwaliteit deurstaan nie, met die gevolg dat 'swart Afrikaanse poësie' dikwels as irrelevant en onvoldoende vir 'literature proper' beskou word. (Dat orale literatuur onderskat word, kan veral toegeskryf word daaraan dat die kanoniseerders nog nie ware boorlinge van Afrika is nie, nog nie "onloënbaar aangeland het in Afrika nie", soos Antjie Krog dit in Jerusalemgangers uitsê.) Aangesien Afrika-literatuur in Afrikaans vir 'n baie lang tyd in die vergeetheid gebly het, is een van die onderhawige probleme hier: wat is die relasie van die 'swart Afrikaanse poësie' tot die kanon van die Afrikaanse literatuur, asook tot die groter Afrika-literatuur as 'n ondersoekgebied?

Orale literatuur, waarvan die 'people's poetry' in Afrikaans 'n belangrike onderdeel uitmaak, het vir 'n baie lang tyd nie die aandag gekry wat dit behoort te kry nie. Daar kan verskeie redes hiervoor aangevoer word:

- orale literatuur word meestal geassosieer met die onbeskaafde tradisionele gemeenskappe;
- die woorde van die mond word nie as 'n betroubare rekord geag nie - wat eenmaal gesê is, is bloot kepies op die wind;
- omdat orale literatuur dikwels gerig is op bepaalde kontekstuele gebeurtenisse (soos die prysing van tradisionele helde en kapteins), lei dit dikwels nie tot diepsinnige denke nie en maak dit so te sê nie deel uit van die groot gedagterwêreld (wat letterkunde per

implikasie beliggaam) nie; en

- daar word verkeerdelik aangeneem dat enige mens 'n digter (gedigvoordraer) kan wees, met ander woorde orale poësie in die besonder word nie as sodanig as 'n kunswerk beskou nie. (Vergelyk Coetzee 1990:6 in die verband.)

Dit het alles daartoe bygedra dat die belangrikheid van hierdie soort literatuur, ook die literatuurstudie in die verband, gemarginaliseer geraak het. 'n Implikasie hiervan is dat gemeen word dat die swart Afrikaanse poësie, of dan die soort kunswerk wat die swart Afrikaanse digter bied, geen noemenswaardige bydrae tot die Afrikaanse poësie of literatuur gelewer het nie. Gevolglik word 'n ondersoek na hierdie problematiese saak 'n baie belangrike studieveld.

Wyer gesien, is daar enkele belangrike faktore wat die stand van sake ten opsigte van orale literatuur in Afrika negatief beïnvloed het. Dit sluit veral in: die kolonialisasie van Afrika deur die Westerlinge; die kolonialisering van die onderwysstelsel in Afrika; en selfs die kolonialisasie van die geloof van die Afrikane, asook van hul verskillende godsdienste.

Die situasie in Afrika het met ander woorde so drasties verander ( miskien selfs kwasi-verwesters geraak) dat die identiteit van Afrikaliteratuur daarmee verander het. Kolonialisering het 'n baie negatiewe invloed daarop

uitgeoeien - gevolglik het die Airikaan nie meer homself gebly nie. Die sogenaamde Westerse beskawing het die Airikaan so verwesters dat sy Airikaanwees daarmee gekorrupteer is. As gevolg hiervan het Afrika-literatuur sy oorspronklike identiteit begin verloor. Die Airikaan het homself begin meet aan die sedes en lewenswyse van nie-Airikane; selfs hul beskouing (hoe primitief ook al) oor norme en maatstawwe van die aard en wese van literatuur is daardeur beïnvloed. Sy eie literatuurvorm het daardeur verlore geraak. Daarmee het hy nie net van sy literatuur afstand gedoen nie, maar ook homself aan die westerling verkoop.

'n Studie van hierdie aard behoort per slot van rekening 'n maatstaf eie aan Afrika vir literatuuropvatting en beoordeling daar te stel. Hiervolgens behoort Afrika-literatuur in sy geheel in 'n juister perspektief geplaas te word.

Kortom: die onderhawige probleem onderliggend aan hierdie studie is die soeke na 'n literatuuropvatting vir die evaluering van 'people's poetry', of dan: "sonbesiepoesie" (die gewraakte term van Charles Fryer - kyk Willemsse 1990 en Gillilan 1989:266). Op grond hiervan sal voorstelle gemaak word vir maatstawwe wat geldend behoort te wees vir die evaluering van Afrika-poësie.

## 1.2 AKTUALITEIT EN DOELFORMULERING

Op bykans alle vlakke binne die demokraties nie-rassige 'nuwe Suid-Afrika' word tradisionele en gekanoniseerde grense deurbreek, en derhalwe is die soeke na 'n literatuuropvatting en evaluering van Afrikaanse 'people's poetry' besonder aktueel. Om indringend te kyk na die evaluatiewe hantering van die swart Afrikaanse digters binne die Afrika-konteks, is die hoofdoelstelling van die studie.

Verskeie studies oor die rol en persepsie van die swart Afrikaanse digter is al gedoen (Gerwel 1985b byvoorbeeld). Maar daar is na navorser se wete nog nie 'n studie onderneem om 'n literatuuropvatting vir die evaluering van 'people's poetry' in Afrikaans binne die breë konteks van die Afrikaanse poësie te loods nie. Gevolglik is dit ook die bedoeling om 'n aanvaarbare model vir literatuuropvatting vanuit die gesigshoek van die swart digter in Afrikaans voor te hou. Dit behoort per slot van rekening 'n maatstaf vir literatuuropvatting en beoordeling eie aan Afrika moontlik te maak.

Wat ten opsigte hiervan veel belangriker word, is die vasstelling van die presiese beweegrede(s) vir die swart man om poësie spesifiek in Afrikaans te wil skryf. Indien dit "poësie in die noodtoestand" is, poësie wat ontstaan het uit 'n behoefte om die "kamerade vir die mense" te bereik, soos dit veronderstel word in die voorwoord tot die bundel:

I qabane labantu (1989), hoekom juis in Airikaans (Denaiwe uiteraard as dit die moedertaal is).

Hierdie studie is verder 'n poging om die spanning tussen dokumentasie en estetika vir literatuuropvatting in oenskou te neem en die balans daartussen te probeer herstel.

Om saam te vat: met hierdie studie word gepoog om die relevansie van 'people's poetry' in Airikaans te ondersoek. Hieruit vloei voort die soeke na 'n eiesoortige literatuuropvatting oor hoe die sogenaamde Airikaanse 'people's poetry' geëvalueer behoort te word.

Op grond hiervan is dit die einddoel van hierdie studie om indringend te kyk na die werklike stand van sake met betrekking tot die swart Afrikaanse digters en ook die swart Afrikaanse digkuns binne die groter spektrum van die Afrika-konteks.

Verder behoort hierdie studie die eerste rigtinggewende poging van sy eie soort te wees om die basiese benoeites, relevansie asook die rol van die swart digter in die Afrikaanse poësie te ondersoek sodat Afrika-literatuur uiteindelik sy regmatige plek in die Airikaanse letterkundesisteem kan inneem.

Aangesien hierdie studie daarna strewe om aanbevelings te

kan maak met betrekking tot 'n literatuuropvatting vir die evaluering van 'people's poetry' in Afrikaans, is dit eindelik ook veronderstei om aanvaarbare kriteria te vind waarvolgens die Afrika-poësie in die algemeen beoordeel kan word.

Die waarde hiervan behoort daarin te lê dat die ideologiese toutrek en meningsverskille tussen 'dokumentasie' en 'estetika' in die studie tot 'n versoening gebring sal kan word. Hierdeur sal, hopelik, die weg aangedui word vir die sinvolle bestudering van die poësie van die swart Afrikaanse digters.

### 1.3 HIPOTEESES

Die volgende hipoteses, as voortvloeiend uit die doelwitte, sal gestel kan word:

1. Daar is twee teenmekaarwerkende literere tradisies te onderskei: die Westerse tradisie wat oorwegend skriftelik van aard is, en die Afrika-tradisie wat in wese 'n orale tradisie is.
2. 'People's poetry' in Afrikaans moet as 'n bepaalde manifestasie van die orale tradisie gesien word.
3. Die ontwikkelde Westerse tradisie, wat 'estetiese' evaluering as die enigste kriterium of norm voorhou, is nie gepas om Afrikaliteratuur te beoordeel nie.

4. 'People's poetry' is nie bloot 'dokumentasie' nie: dit moet binne 'n Afrika-raamwerk gelees en waardeur word.
5. Die plek van die 'swart Afrikaanse poesie' in die kanon van die Afrikaanse literatuur is as gevolg van 'n verkeerde evalueringstelsel onregmatig gemarginaliseer. Die poesie van die swart Afrikaanse digters behoort op die maatstaf van sy eie kontekstuele milieu en gestueerdheid benader en geëvalueer te word.

#### 1.4 AFBAKENING

Omdat die ondersoekterrein baie wyd is, word eksemplaries met die werk van swart Afrikaanse digters omgegaan. Die hoofdoel van die studie is nie om op 'n omvattende wyse die kanon van dié digters te ondersoek en volledig te beskryf nie - dit lê eerder op die weg van 'n nuwe literatuurgeskiedenis in Afrikaans wat al sy skrywers hulre regmatige plek in die kanon sal verseker. Daar word hoofsaaklik tekste in I qabane labantu (redakteurs: Coetzee & Willemsse) gebruik as illustrasie materiaal.

#### 1.5 VERLOOP VAN DIE STUDIE

Die gang van die navorsing korrespondeer met die probleemstelling ten grondslag van die studie.

in hoofstuk 2 word die belangrikste begrippe, wat die teoretiese kern van die studie onderie, kontekstueel omskryf.

Die teoretiese verkenningstog van hoofstuk 2 het 'n direkte verband met die praktiese toepassing van die teorie in hoofstuk 3. Hier is van 'n vergelykende metode gebruik gemaak sodat die teorie in hoofstuk 2 kompleter is met die praktiese toepassing in hoofstuk 3. Samevattende insigte word in hoofstuk 4 gekonsolideer.

\*\*\*\*\*

NWU  
LIBRARY

## HOOFSTUK 2

### OP SOEK NA 'N LITERATUUROPVATTING VIR AFRIKAANSE 'PEOPLE'S POETRY'

#### 2.1 INLEIDING

Die kerndoel van hierdie hoofstuk is om 'n literatuurbeskouing voor te stel wat gebruik kan word vir die evaluering van die versetpoësie van swart Afrikaanse digters. Soos duidelik uit die probleemstelling in hoofstuk een geblyk het, bestaan daar 'n groot behoefte aan 'n herevaluering van die bestaande evalueringstelsel in Afrikaans, veral ten opsigte van die sogenaamde "people's poetry". Met die verskyning van die digbundels I qabane labantu (1989) en SA in poësie / SA in poetry (1988) is hierdie omstrede saak weer eens in die brandpunt geplaas.

Die behoefte aan 'n literatuuropvatting vir die evaluering van 'people's poetry' in Afrikaans wil nie die wese van literatuur enigins aantast nie. Dit moet eerder gesien word as 'n strewe om die kultuurprodukt van die mens op sy terme juister te kan evalueer en sy regmatige posisie aan hom toe te ken. Hierdie 'regmatige posisie' is deur marginalisering verdring, en wel op twee wyses. As veronderstelde onderdeel van die sogenaamde orale poësie is dit, soos Finnegan (1977: 2) uitgewys het, "often been ignored both in literary study

and (still more, perhaps) in the sociology of literature and generally speaking, assumed to be of merely marginal interest".

Daarbenewens is dit uiteraard onafwendbaar dat die gespanne verhouding tussen taal en politiek ook bygedra het tot marginalisering. (Ironies dan dat die twee bundels hierbo genoem hul oorsprong te danke het aan die politieke gebeure in Suid-Afrika!) Soos die redakteurs van ! qabane labantu (1989:14), dit stel, kan "people's culture" nie van oproepe tot "people's power" en "people's education" geskei word nie.

In hierdie verhandeling word daar nie as sodanig 'n deeglike strukturele analise van 'people's poetry' gemaak nie; die bedoeling is eerder om die wese, omvang en belangrikheid daarvan te omlin in 'n poging om dit heropgeneem in die kanon te kry.

## 2.2 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Allereers sal enkele van die belangrikste begrippe wat in hierdie hoofstuk gebruik gaan word, volledig omskryf word. Die doel daarvan is om die gepaste konteks vir die ontwikkeling van die argument wat gaan volg, te skep. So behoort die weg gebaan te word in die poging om die

buitelyne van 'n bepaalde literatuuropvatting te regverdig.

### 2.2.1 'swart Afrikaanse digters' / 'people's poets'

Om die begrip 'swart Afrikaanse digters' te kan omskryf, behoort 'n mens eers terug te gaan na wat 'people's culture' genoem word. Vroeër is gemeld dat Coetzee & Willems (1989:14) meen "people's culture" kan nie geskei word van die oproepe tot "people's power" en "people's education" nie. Dit sou impliseer dat die kwalifisering 'swart Afrikaanse digters' metafories inklusief is. Nie soseer net swart mense wat in Afrikaans dig word hiermee bedoel nie; dit sluit al daardie digters in wat deur middel van Afrikaans as medium die belange en weeklagtes van die meerderheid onderdrukte mense tot uiting probeer bring. Die Engelstalige ekwivalent vir sulke digters is 'people's poets'.

Die 'swart Afrikaanse digters' is derhalwe nou verbind met 'people's culture'. In die inleiding tot Iqabane Labantu (p. 14) word die volgende fasette van 'people's culture' uiteengesit:

die vrye beskikbaarstelling van kundigheid en die oordrag van die beheer oor kulturele produksie na die mense; die opdieping van die versweë geskiedenis van alle Suid-Afrikaners; die transformering van 'n

vervreemdende massamediakultuur tot waardige Suid-Afrikaanse kultuur; die beliggaming van die stryd en begeertes van die meerderheid mense; die bewuswording van igiede, a-historiese estetiese standaarde as instrument van kulturele hegemonie.

Teen hierdie agtergrond, wil dit voorkom asof die begrip 'people's culture' 'n duidelike politieke aanskyn het. Onder meer nou dit in dat die betrokke digters die mondstuk van die 'meerderheid swygsame mense' wil word. Die digters word die mondstuk van die wat om verskillende redes nie 'n stem het nie. Die voorwoord van i qabane labantu stel dit duidelik dat die gedigte in die bundel uit die volk/"the people" self kom.

Richard Rive (1981:154) lewer die volgende insiggewende kommentaar en dit motiveer dan ook verder die feit dat die 'swart' digter eerder ideologies as etnies gemarkeer is:

personally i have been forced into the position of having to call myself a black writer: i see black as politico-economic rather than ethnic. When i call literature black i imply that that literature emanates from a people who are unenfranchised and discriminated against because of the colour of their skins.

Adam Small het in 1984 (p. 217) daarop gewys dat apartheid

gedurig besig is om die skrywer se ambag in die wiele te ry. Dit moet dan noodwendig ook in elke skrywer se produksie reflekteer.

Die feit dat Afrikaans as voertaal van die swart digters se politieke stryd gebruik word, het ook komplekse ondertone. Juis die feit dat dit die taal is wat beslag gegee het aan onderdrukking en apartheid, maak dit by uitstek geskik om gebruik te word om die beoogde doel van bevryding te kan bereik. Maar dit is 'n herkleimde taal in al die gedaantes van variëteite en dialekte, sosiolekte en idiolekte, meen Small. Dit is 'n polifonie van ongebondenheid, nie meer die Standaardafrikaans van apartheid nie. Die taal behoort weer aan die mense; en hierdie taal is die taal van die volksdigters. Op hierdie wyse vind die taal van die swart Afrikaanse digters direkte aansluiting by 'people's culture'.

Die titel van die bundel I qabane labantu beteken letterlik in Xhosa "die helde van die mense"; die subtitel (kamerade vir die mense) wil hieraan net meer politieke kleur gee. 'Digters' soos hier gebruik, dui op hierdie helde wat in en deur taal hulself opoffer ter wille van die bevryding van die meerderheid teen wie in alle opsigte gediskrimineer word. Ten besluite dan: vir die doel van hierdie studie word die benaming 'swart Afrikaanse digter' gebruik in dié uitgebreide kontekstualisering. Dit word geensins letterlik bedoel nie, aangesien die kern hiervan dieper lê in ander

sake en gestorwe geskiedenis as wat op die oog af skyn.

### 2.2.2 'people's poetry'/'sonbesiepoësie'

'n Belangrike oogmerk van hierdie studie is om die poësie van swart Afrikaanse digters te karteer. 'n Teks kan breedweg geklassifiseer word as 'people's poetry' as dit eifektief tot die mense spreek. Soms word die benoeming: "poësie in die noodtoestand" gebruik. Hierdie tydgemarkeerde benoeming is egter 'n blote onderdeel van 'people's poetry', behalwe as die kwalifisering 'noodtoestand' ook metafories bedoel word, maar dit sou die hele benaming net problematiseer en word dit derhalwe nie gebruik nie. Wat wel in dié verband van belang is, is dat die produksie en/of ontstaan van dié tipe poësie wesenlik deur die politieke omstandighede bepaal word. In dié opsig is dit gepas dat dit soms versetpoësie genoem word. (Met die verloop van die studie sal hierdie begrip ekwivalent vir óf 'people's poetry' óf "sonbesiepoësie" gebruik word.)

Die relatiërende benoeming van 'people's poetry' deur Charles Fryer as "sonbesiepoësie" is simptomaties van die negerende houding jeens 'people's culture' en 'people's poetry'. Die begrip "sonbesiepoësie" lewer ten diepste kommentaar op die misbruik van poësie as literêre kunswerk. Die verwysing na "sonbesie" in verband hiermee suggereer die

niksseggende herhaling van klank in die tekste. Alhoewel musiek en klank belangrike aspekte in die poësie is, dui die gebruik van die "sonbesie"- kwalifisering daarop dat hierdie aspekte oorgeaksentueer is. Streng gesproke impliseer dit dat poësie van hierdie aard nie in die teken van die poësie staan nie; eerder is dit 'n sinnelose en irriterende skreeuery. Kortom, sou 'n mens kon sê, is hier geen sprake van poësie nie, want "sonbesie" en "poësie" sluit elkander uit. Dit is juis op hierdie punt dat die evaluasie van sodanige literatuur problematies word, veral as kritici die mening huldig dat, geoordeel aan Westerse evalueringskriteria, "sonbesiepoësie" eerder dokumentasie as artistieke produksie is.

Indien hier voorgegee word dat taal sommer lukraak en na die skrywer se impulsiewe wense aangewend word, word die element van ordeloosheid en onsuiverheid geïmpliseer. Dit is dan ook die rede waarom 'people's poetry' in botsing kom met die gekanoniseerde Afrikaanse poësie. Die eiesoortige poëtiese struktuur van hierdie tipe poësie moet derhalwe ondersoek word.

Om saam te vat: die tipe poësie wat in dié verhandeling onder die loep kom, is poësie wat tematies die politieke woelinge van die tyd registreer, en soms ingespan word om die onderdrukte massa 'n stem te gee. 'People's culture' setel in sy suiwerste vorm in hierdie gespesifiseerde kommunikasieproses. Skeptiese kritici en uitgewers noem dit

smalend "sonbesiepoësie". Met hierdie assosiasie word die wese van 'people's poetry' aangetas.

Die kruks van die saak is dat die meeste kritici die poëtiese produksie as blote niksbeduidende propaganda wil afmaak. Teen hierdie agtergrond kan 'swart Afrikaanse poësie' as 'n stryd teen onderdrukking, magsmisbruik en marginalisering gesien word, ook dan veral op kritiese vlak.

As Watson (1989 :26) meen dat 'n bundel soos SA in poësie / SA in poetry 'n groot mate van poëtiese ongeletterdheid aan die kant van die samestellers aandui, is dit simptomaties van 'n evalueringsoopvatting wat nie die literatuur in al sy manifestasievorme kan akkommodeer nie.

Die poësie van swart Afrikaanse digters kan daarom alleen tot sy reg kom indien dit op sy eie unieke manier benader en geëvalueer word.

### 2.2.3 'literatuuropvatting'

Die begrip "literatuuropvatting", om 'n term van Oversteegen (1982) te leen, soos dit hier kwalifiserend gebruik word, dui op die (dikwels onuitgespelde) kriteria waarvolgens die lesende gemeenskap literatuur resepteer en beoordeel. 'n

Sistemiese literatuuropvatting, se maar in Afrikaans, word gerig deur die kritici, die hekwagters, die literere meningsvormers. Hierdie studie wil aantoon dat die geslote literêre kring dikwels dit wat buite die politiek- en kultureel-korrekte lê, nie binne die kanon wil toelaat nie. Met hierdie studie wil die noodsaaklikheid uitgewys word dat hierdie kanonieke literatuuropvatting juis 'people's poetry' moet insluit om as 'n legitieme literatuuropvatting gereken te word. Dit is met ander woorde 'n poging om die huidige kanoniseringsproses in Afrikaans te ondermyn.

#### 2.2.4 'evaluering'

NWU  
LIBRARY

Evaluering beteken die vasstelling van die waarde van die werk met die doel om die gehalte daarvan te kan takseer. Dit kan ook as 'n maatstaf dien om die bruikbaarheid van so 'n werk vir studiedoeleindes vas te stel. Evaluering en kanonisering gaan dikwels hand aan hand; in sy ergste vorm word dit 'n bese kringloop.

Ten grondslag van die bepleiting van 'n nuwe en meer omvattende literatuuropvatting in Afrikaans lê die nisie dat kuns al hoe meer van sy elitistiese vooroordele bevry moet word en nader moet beweeg na die breë volkslaag en hul kreatiewe ekspressies en kulturele node. In die opsig sou 'n mens bepaald kan praat van die demokratisering van evaluering. Dit behoort duidelik te word dat navorser hom

aangetrokke voel tot die grondslae van die marxistiese literatuurkritiek. In hierdie ideologiekritiese denk- en benaderingswyse word dit wat algemeen deur die bourgeoisie gekanoniseer word as synde universeel en onveranderlik ontmasker. Dit sluit in, in Liebenberg (1989: 297) se woorde:

gebruike wat die heersersgroep se belange dien, (wat) voorgestel word as synde in algemene belang, noedat dit wat mensgemaak is en daarom vervangbaar is, gesien word as ewig of natuurlik, as vanselfsprekend of 'common sense' - sodat diegene wat daaronder gebuk gaan nie daaraan sal dink om dit te verander nie.

In 'n Marxistiese benadering tot die letterkunde sal 'n teks in sy genre geplaas word en "in terme van die sosiale en materiële omstandighede van sy produksie en resepsie" (Liebenberg, p. 299) geëvalueer word.

Hierdie modus van "produksie en resepsie" waarvan hierbo gepraat word, lei tot 'n ondersoek na die produksie- en resepsieproses van 'people's poetry'. Om verskeie redes, wat reeds in hoofstuk 1 al uitgewys is, is dit ten nouste gekoppel aan die orale tradisie van Afrika. 'n Reïfikasie met die westerse skriftelike literere tradisie denoort heelwat lig te werp op die eiesoortige aard van dié poësieproduksie.

## 2.3 DIE ORALE LITERERE TRADISIE

### 2.3.1 Inleiding

In hierdie onderafdeling gaan gepoog word om die wesensaard van die orale literere tradisies te probeer bepaal. Uiteraard vorm die ontstaan en die funksie van orale poësie die kern van hierdie onderafdeling van die studie. Die belangrikste verskille en punte van ooreenkomste tussen die twee tradisies word ook in oënskou geneem. Daar word ook 'n oree algemene beskrywing gegee van die aard en betekenis van die onderskeie orale poësietradisies soos dit binne die konteks van Suid-Afrika daaruit sien. Die bestaande gaping tussen die mondelinge en skriftelike poësievorme word dus 'n belangrike kristallisasiepunt van hierdie afdeling.

Dit is nie die doel van hierdie onderafdeling om die geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse poësietradisie te skets nie, maar eerder om die gees of toonaard daarvan te probeer vasstel.

Die kern van die bespreking is in die oorgang van die orale na die skriftelike, aangesien dit vanselfsprekend is dat die mondelinge altyd die skriftelike moet voorraaan. Die uiteindelijke doel is om aan te dui hoe die swart Afrikaanse digters hierby aansluiting vind.

### 2.3.2 Die orale tradisie: 'n teoretiese perspektief

In hierdie afdeling word swaar gesteun op die insigte van Ruth Finnegan (1977) se belangrike werk oor die onderwerp: Oral poetry. Dit word aangevul deur my (onopgetekende!) ervaring van die orale tradisie.

Die verskille tussen orale en skriftelike poësie word meestal veralgemeen en eintlik ook gruwelik vereenvoudig. Dikwels word die orale vorme van poësie met die tradisionele vereenselwig terwyl die skriftelike vorme in die lig van moderniteit geplaas word. Dit is duidelik 'n westerse persepsie, omdat die skriftelike tradisie altyd bo die mondelinge tradisie gestel word.

Dergelike vereenvoudiging van orale poësie het daartoe bygedra dat orale poësie dikwels as ongeskik vir literere studie beskou word. Hierdie siening het derhalwe tot gevolg gehad dat orale poësie onvollediger gedokumenteer word en nog meer 'tydelik' gemaak word. Dit is in teenstelling met die skriftelike teenhanger, wat in die formering daarvan reeds 'n permanente rekord daarstel. Finnegan dui verder daarop dat die benaderings tot orale poësie deur baie distorsies gekenmerk word. Die gevolg hiervan is altyd dat orale poësie dienooreenkomstig as ongeskik vir literere studies beskou word.

Vir baie jare in die verlede is orale kultuurskepping deur die mensdom bedryf. Teen hierdie agtergrond gesien, is orale poësie deel van die mens se geskiedenis. Hierdie omvang van die orale kultuur kan veral gesien word in die wye formasies en diversiteit van orale poësietradisies.

Iewers in die loop van die tyd het iets verkeerd geloop - miskien vanweë die toenemende industrialisasie van die mens - dat orale poësie sy status verloor het. Daar is geen grondige bewys dat orale poësie minderwaardig is aan skriftelik poësie nie.

In verband hiermee wys Finnegan verder daarop dat die grense tussen orale en skriftelike oordragsvorme gewoonlik op 'n baie vae manier aangedui word as wat werklik die geval is. Dit is al hierdie distorsies wat die een vorm van poësie bo die ander verhef (skriftelik bo mondeling). Vir die literatuurstudente skep dit baie onnodige probleme wat nie maklik opgelos kan word nie. Die studie van poësie wat op hierdie beginsel berus, is dikwels noodwendig vol leemtes en tekortkominge.

Drie faktore kenmerk volgens Finnegan (1977) orale poësie: die komposisie daarvan, die wyse van oordrag en die opvoering of uitvoering daarvan.

Daar word dikwels verkeerdelik aangeneem dat orale poësie slegs op die patroon van reeds bestaande vorme berus. So 'n

siening is verkeerd, want die digter of voordraer van 'n mondelinge gedig is gedurig besig om eie aanpassings aan te bring wanneer hy die gedig mondeling voordra. Uiteraard is daar sterk sprake van improvisasie in die komposisie. Die orale gedig word nie weer en weer sonder veranderings en aanpassings voorgedra nie. Elke volgende uitvoering of aanbieding is 'n nuwe gedig op sy eie. Die situasie en die betrokke gehoor bepaal die gang van die teks. Dit is dus duidelik dat 'n 'vaste' teks nie bestaan nie.

Alhoewel verskillende digters dieselfde onderwerp kan gebruik, is elke vertoning 'n klieedrepitisie van die ontwykende gedig. Elke gedig word gepas op die betrokke omstandighede.

Memoriserings is in 'n mate 'n belangrike vertrekpunt. Onder andere veronderstel dit dat van dieselfde onderwerpe, opskrifte en selfs name gebruik mag word. Die belangrikste element daarvan is die ordening, die bou en die verloop van die gedig.

Orale poësie word veral gekenmerk deur herhaling. Dit sluit in die herhaling van sillabes, woorde, versreëls, strofes, of 'n herhaling van betekenis. Hierdie herhaling neem dikwels die vorm van parallelisme aan. Aangesien parallelisme oorvloedig gebruik word in orale poësie, is daar gewoonlik nie 'n duidelike skeiding tussen afsonderlike

gedigte, verse en strofes nie.

Die gebruik van taal as sodanig staan uiteraard sentraal in orale poësie. Dit is nou verwant aan die ritme en tekstuur van spreektaal. Desnieteenstaande vereis orale poësie dat die taal poëtiese effekte soepel en treffend sal kan akkommodeer. Die taal van 'n orale gedig is dus die bekende taal soos hy in alledaagse situasies aangewend word, maar ny word op 'n besondere manier gebruik om sy poëtiese kleur te wys.

Uiteraard is die wyse van oordrag 'n prominente faktor in orale poësie. Dit is net in oordrag en voordrag dat orale poësie kan bestaan. Van al die kenmerke van orale poësie is die opvoering daarvan derhalwe die belangrikste. Anders as in die skriftelike vorm is die essensie van orale poësie die bewondering van die spel van uitvoering. Hierdie dinamiese interaksie benadruk dat orale poësie leer. Dit is vir hierdie studie van groot belang en 'n aanduiding van hoe 'people's poetry' benader en geëvalueer behoort te word.

'People's poetry' as 'n nuwe verskynsel in die Afrikaanse literatuur vind direkte aansluiting by die tradisionele oratuur. Die evaluering van hierdie oratuur in skriftelike vorm behoort dan in hierdie kontekstualiserende perspektief te geskied, onafhanklik daarvan of dit (terseiddertyd ook) 'n dokumentasie van "'n politieke noodtoestand" is.

In hierdie lig behoort swart Afrikaanse poësie sy literere geldigheid as 'n geskikte onderdeel van die kanonieke "literature proper" te verifieer. Indien evaluering sodanig geskied, sal 'people's poetry' nie meer as net 'n gemarginaliseerde randverskynsel beskou word nie.

'n Ander perspektief op evaluasie kan lei tot 'n nuwe literatuuropvatting en die verbreding van die kanon. Dit is 'n belangrike punt wat die noodsaaklikheid van eiesoortigheid in evaluering en benadering verder beklemtoon.

Sentraal in hierdie argument staan die onlosmaakbare verband van literatuur en maatskappy-'verbruik'. Die feit dat daar so 'n naelstringverbintenis is tussen orale poësie en die samelewing bevestig juis die absolute primere posisie wat dit in enige literatuuropvatting moet inneem. Ten opsigte hiervan toon Finnegan (1979: 244-271) aan dat hierdie verband tussen die poëtiese instellings en die sosiale lewe die belangrikheid van orale poësie nog verder beklemtoon. In orale poësie, beweer sy verder, word die sosiale norme van die gemeenskap subtiel uitgebeeld. Maar dit gee ook aan meer beslag; dit is die vehicle van 'n volk se geskiedenis waarin al sy kulturele prestasies opgeteken staan (in die woorde van Van Wyk Louw 1981: 105 se Kaka: die iyn, iyn net van die woord, die vuur- en weef- en kieurgenem, die wette wat die oustes sing, die maak van wapens en die buig van yster ...)

Finnegan (p. 244) vat dit raak saam, veral met die implikasie van kollektiewe betekening: "It is clear too that the organisation of poetic activity plays a wider part in society, over and above the particular groups and occasions on which it is practised, and without the participants necessarily including this among their conscious intentions."

Die oordrag van orale poësie bly nog 'n belangrike manier waarvolgens die waardevolle erfenis van die een geslag na die ander oorgedra word. Indertyd was dit die enigste betroubare manier om inligting oor te dra. Dit is dernaaiwe nie vreemd nie dat in die onseker tye waarin ons leef dit vandag weer op voetsoolvlak die wyse is waarop die samelewing reageer.

Ten besluite kan die mening van Finnegan (p. 2) onderskryf word:

There is no reason for assuming that all oral poetry is artless, 'close to nature,' shared by the whole tribe or community equally, and so on. Indeed it should surely become a major task of sociological analysis to include the scrutiny of oral and literary forms within the society - whether in a non-literate, or a literate and modern context.

met hierdie onderafdeling is gepoog om aan te toon dat 'people's poetry' 'n omvangryke en roemryke voorgeskiedenis as literere manifestasievorm in die oratuur het. As nuwe groeipunt van 'n baie ou literere tradisie kan en moet dit aanspraak maak tot insluiting van die heersende kanon.

In hierdie lig is dit nodig om voorts te gaan kyk na die volgende belangrike beswaar wat teen 'people's poetry' ingebring word, naamlik dat dit nie voldoen aan die vereistes van die estetika nie, en bloot net dokumenteer.

#### 2.4 DIE SPANNING TUSSEN 'DOKUMENTASIE' EN 'ESTETIKA'<sup>41</sup>

Die problematiek rondom estetiese kriteria het in die verlede al groot debat uitgelok, ook in die Afrikaanse literatuur. Willemse (1985:69-76) wys daarop dat daar twee literêre rigtings bestaan: daar is die Afrikaner-letterkunde met sy stel estetiese evalueringskriteria, en daarnaas, wat hy noem: die letterkunde van die vegtende stem. Dit is die stem wat nie die estetiese bekommernis van 'n gestelde orde kan deel nie. Dit is 'n stem wat moet keer om nie gekoöpteer te word nie - op politieke, maar ook op kulturele gebied.

Dit het baie duidelik geblyk uit die resepsie van veral i qabane labantu dat resensente baie skerp kritiek teen die 'poësie van die vegtende stem' het. Olivier (1990:12)

spreek sy behoefte uit aan groter estetiese bevrediging. Hy verwys verder na die feit dat hierdie gedigte byna glad nie tot die leser spreek nie, veral omdat "hierdie leser ... hom die werklike voordrag slegs in geringe mate kan voorstel". Vir Olivier is literatuur dit wat mense sal "behaag, hulle bewussyn sal opskerp" en word dit gekenmerk deur die soeke na "'n taal en idioom wat die gewenste retoriese effek op mense sal hê".

Ten opsigte van die aspek van oorspronklikheid vind Hambidge (1990a:8) die gedigte nie in orde nie. Sy vind die tematiek te alledaags en onoorspronklik. Volgens haar is die standaard van hierdie verse nie in orde nie, aangesien 'n vers "wat mense tot inkeer wil bring ... meer om die lyf (moet) hê as 'n rits clichés en strydkrete". Sy wys ook op die gemis aan "woedende metafore" in hierdie verse. Gevolglik ontlok dié tipe poësie by haar 'n "onbehae", want "hierdie kritikus (is) ook 'n mens wat verwag dat 'n gedig effektief tot haar moet spreek".

Hierdie twee kritici ervaar dus 'people's poetry', of versetpoësie dan, as 'n blote optekening, 'n dokumentasie van ideologie. Dit wil voorkom asof "people's poetry" nie geredelik aanvaar sal word alvorens daar aan sekere vereistes voldoen word nie. Ten grondslag van hierdie argument is die aanname dat hierdie literatuuruitinge 'n versameling nuttelose dokumente is met geen, of dan baie min, literêre aanskyn. (Dit word ook dikwels baie duidelik

in versetpoësie gestel, of in kommentare wat dit begelei, dat 'people's poets' Westerse estetiese kriteria minag.)

Daar behoort redelik konsensus te wees oor die feit dat hierdie tipe poësie wel 'n politieke toestand dokumenteer, veral die onuitgespreekte (kollektiewe) emosies en opvattinge. Strydpoësie is die optekening van eietydse geskiedenis, 'n beslaggewing aan historiese formasies wat dikwels verlore gaan. Dit is soos Neame (s.a.: 112) dit raak gese net:

The full story will never be completely written. In much of it the deciding force was the spoken word which is to-day lost, and even if it could be recovered one could not recreate the strange atmosphere in which ... men acted in a sort of midsummer madness.

Die mees prominente kritiek teen versetpoësie kom dus neer op die negering van die geldigheid van estetiese kriteria. In die kritiek oor die algemeen word die reg van verset nie betwyfel nie, maar die reg om estetiese standaarde te relativeer, word in twyfel getrek. (Ferreira 1991: 6).

Ferreira (1990:15) vat dié beskouings in die woorde van Olivier so saam: "Ek dink dis veilig om te se die estetiek van die literêre diskoers, ten spyte van pogings om dit aan te pas, te wysig of te vervang, vandag nog die enigste

beskikbare model in ons literere diskoers is." Derhalwe, meen sy, dié 'people's poetry' in gebreke "om 'n literere norm te verskaf wat die bestaande kan vervang". 'n mens sou in die verband dan wel soos Oliphant (1990:47) kan se: "Die onbeantwoorde vraag is: Wat is die veranderlike en getoetste estetiek en moraliteit waarna hier verwys word?"

In verband hiermee het Mandla Langa (in Ferreira 1991: 1) die volgende kommentaar gelewer:

What do we mean, he asked himself, when we talk about the beauty of the land? Do we mean that there is a certain orderliness, the harmonious blending of colours? Or do we mean that the land and the water provide us with food and the shelter and something that pleases the eye? When the guerilla in the sand of the Western Sahara looks at the drifting, endless dunes, their shifting sands - what is his standard of beauty?"

Binne hierdie raamwerk is daar heelparty kritici wat meen dat strydpoësie anders benader moet word, en dat 'n literere-estetiese eis onvanpas is. Ferreira (1991: 9) meen verskeie argumente word in die verband gevoer: De Jong (1989:100) is van mening dat 'n "estetiese interpretasie van die teks ... ander aspekte uitsluit". Gilfillan (1989:266) beskou 'n eensydige toepassing van estetiese kriteria as 'n "gemaklike oorvereenvoudiging".

Van Niekerk (1989:41) gee haar afkeur aan die rigiede toepassing van die heersende norme baie duidelik te kenne wanneer sy se dat daar uit strydpoesie 'n sentrale doodskap te haal is, veral vir wit Afrikaanse digters wat btrokkenheid vrees as die vyand van nulle seergekoesterde westerse poetiese ideale. Soms, meen sy egter, is "die gedigte meestal te lank en te veel woordig". (Ferreira 1991: 10).

In verband met Mbali se poësie se Van Niekerk (1989:41) dat as hierdie "tekste stilweg van die papier af gelees word, is hulle volgens wit akademiese standaarde arm aan metaforiese struktuur, dikwels cliché-agtig en lomp". "Op maat van musiek" sê sy, "aan die modus van voordrag egter, voltrek hierdie waarheid ... sigself op klinkend oortuigende wyse." (Ferreira 1991: 11).

Die norm is dus "die konteks van 'n dinamiese, strydende people's kultuur" (Coetzee & Wiliemse 1989:15). Estetika is die mate waarin die gedig aan hierdie dinamiese, strydende "people's culture" gestalte gee. (Ferreira 1991: 8.)

Hierdeur word 'n uiters belangrike faset van strydpoesie uitgelig. Soos die dramateks eintlik net 'n teks-in-potensie is, en eers as literere teks realiseer met die opvoering daarvan, sou 'n mens kon se opgetekende versetpoesie is bloot maar net 'n heenwysing na die lewering daarvan. Dit

net veral implikasies vir die genreverwagting waardinne die tipe poesie gepiaas word. Die estetiese norme waaraan die teks gemeet moet word, behoort die van die drama te wees, en nie soseer die van die poesie nie. Dit is Jeremy Cronin (1989:35-36) wat 'n demonstrasie gee van hoe hierdie poesie voldoende gerealiseer kan word wanneer dit volgens die norme vir dramatiese tekste geëvalueer word: "we must contextualize it within the rolling wave of semi-insurrectionary uprising, mass stayaways, political strikes, consumer boycotts, huge political funeral, ... factory occupations, rent boycotts, School and University boycotts, mass rallies". Hy wys voorts op die meegaande konteks waarin die teks gerealiseer word: "And all the while, novering just outside the venue, radio transmitters bleeping, are the police with, as often as not, a helicopter rattling overhead." (p. 43). (Ferreira 1991: 12.)

Cronin se evaluasie berus dus op dramatiese norme: metaforiese tyd en ruimte, dramatiese handeling, byklanke, kostuums, dekor asook speelruimte. (Benewens Ferreira 1991 se deeglike analise hiervan, het Liebenberg 1991 en Van Niekerk 1989 ook hierdie saak sydelings geopper.)

In 'n dramatiese uitvoering word lewe en liggaam aan die woorde op papier gegee; daar kom baie dinge en errekte by wat nie in die skriftelike weergawe van soveel belang is nie.

Met betrekking tot Mbuli se poesie, onderskei Cronin (p. 38) 'n ritme wat ook skriftelik daik meer akkuraat geanaliseer en geïnterpreteer kan word. Hy brei verder uit op die dramatiese en poetiese kwaliteite van die teks: "the voices perform the poetry with a slow lilt ... much enjoyment is derived from the phonetic exaggeration ... duration of the repeated nasal sounds, particularly 'm' sounds ... There is also a tendency to lengthen penultimate syllables or to shift lengthened final syllables" (p. 37). Dit gee die taal "an exaggerated African texture". (Ferreira 1991: 12.)

(In watter mate wit kritici egter in staat sal wees om die versetteks-as-opvoering te realiseer, is 'n ope vraag. Hieroor se Nwoga (1976:8-29) in sy referaat getiteld 'The limitations of universal critical criteria' (in Exile and tradition) dat die wit kritikus dikwels nie die Afrika-literatuur na behore kan beoordeel nie aangesien sy kennis van die tradisie en die kultuur van Afrika te gebrekkig en onvolkome is. Coetzee (1989:12) sluit hierby aan as hy stel dat ons Afrikaanse literêre tradisie "has been produced and carefully nurtured within a white, Western European literary canon, and it has been part of the ideology of capitalism into which the Afrikaner grew since the 1940's".)

In hierdie lig gesien is dit nie nodig om of twee stellige kriteria aan te wend in evaluering of soos Ferreira (1991) voorstel, die bestaande twee stellige norme te versoen nie.

Die klempiasing in die literêre evaluering was tot dusver op die verkeerde genreverwagting gerig. Indien dit reggestel word, sal die meeste besware teen die sogenaamde gebrek aan estetika in elk geval nie meer geld nie.

## 2.5 'N LITERATUUROPVATTING VIR STRYDPOËSIE AS AFRIKA-POËSIE

In hierdie hoofstuk is ruim gebruik gemaak van die insigte van Amuta (1989).



Die diskoers wat tot dusver oor strydpoësie / 'people's poetry' gevoer is, behoort reliëfstelling te kry binne 'n breër teoretiese raamwerk. Dit lyk gepas, en dit is uiters aktueel, om poësie van dié inslag te situeer binne die breër kategorisering van Afrikaliteratuur. Ook in Afrikaans bestaan daar die behoefte aan 'n insluitende Afrika-ervaring. Dit sou 'n eerste stap wees in die teoretiese Afrikanisering van Afrikaans: "to explore the rich engagement (in all its ethomological meaning) of Afrikaans and/in Africa" (Gouws 1992: 28).

Vroeër het dit reeds ter sprake gekom dat Afrikaliteratuur te gebonde is aan die Westerse tradisie. Die ware aard van Afrikaletterkunde het langamerhand onder die teoretiese karos vergete geraak. Die Westerse model word wyd in die kritiese studie van letterkunde toegepas en hierdeur is die Afrika-identiteit daarvan erg beskadig. 'n Eurosentriese

diskoers word met ander woorde die norm waarteen Afrika-  
estetiek gemeet word.

Nodeloos om te se: dit is van groot belang dat Afrika-  
letterkunde op 'n eiesoortige wyse krities benader moet  
word.

Tot betreklik onlangs (sowat 'n dekade gelede), meen Chidi  
Amuta (1989) het daar teoreties gesproke groot onkunde in  
verband met Afrika-literatuur bestaan. Dit op sigself net  
tot gevolg gehad dat 'n verkeerde beeld van die betrokke  
literatuur gaargestel word. Een van die groot probleme in  
hierdie verband is dat daar totaal onvoldoende klem op die  
interaktiewe verband tussen letterkunde en gemeenskap  
geplaas is. Ten einde hierdie probleem aspek die hoof te kan  
bied, is dit volgens Amuta gewens dat Afrika-kultuur as  
alternatief vir die bourgeoishegemonie van die Westerse  
formasies moet dien. Uit sy oogpunt is dit onrusbarend dat  
die evaluering van Afrika-literatuur gewoonweg op die  
idealisties-humanistiese beginsels gerundeer is. Dit is  
verder kommerwekkend as in ag geneem word dat dergelike  
beginsels meestal afkomstig is van kolonialistiese  
voorskrifte wat aan Afrika opgedwing is, net so rou soos  
nuile was. Koloniale onderwys het dit baie vinnig gevestig  
omdat dit veral op die geskrewe literatuur gebaseer was. Op  
hierdie wyse het die Afrikaan stelselmatig sy identiteit as  
mens moes koöpteer, en later het hy dit verloor.

Afrikaliteratuur is van sy identiteit onteien.

Getransponeer tot die vlak van die literêre kritiek het dit gelei tot, wat genoem kan word 'kolonialistiese kritiek': 'n kulturele mode waar die kriteria van evaluasie deur raskriteria geskied. Hierdie tipering van Afrikaliteratuur het die werkwyse van die Afrikakritikus omlyn. Dit het verder so ontwikkel dat dit deel van die literêre tradisie geword het. Op sigself het dit sy eie probleme meegebring. Een so 'n uitvloeisel is dat Afrika-geleerdes begin het om eie identiteit te ontken en voor te gee dat die Westerse tradisie die grondslag van Afrikaliteratuur vorm. Amuta (1989) merk dan sinies op:

The quarrel gravitated around the vague question of whether to use Western or African aesthetic criteria. There are of course no such criteria for aesthetic values and criteria are the products of instruments of specific groups and classes in specific societies. As in most conflicts among the bourgeois, African critics and their Western counterparts settled for compromise.

Daar moet derhalwe veral gesoek word na moontlikhede en kategorieë vir radikale, dialektiese en eindelik wetenskaplike teorie vir Afrika-literatuur. Die huidige stand van sake met Afrika-literatuur is dat dit op valse en beperkte doelstellings gebaseer is. Amuta (1989) stel dit

soos volg:

In this respect literary theory and practice must form part of the anti-imperialist struggle, thus demystifying literary criticism and reintegrating it into the social experience and practice of which literature itself is very much part. African literature (criticism) has displayed astonishing self neglect. Criticism has not looked sufficiently inwards in order to rediscover its real motivations, challenges and social relevances. The socio-historical determination of Criticism has not quite been an issue until very recently.

Daar moet in gedagte gehou word dat dit eerder die sosio-ekonomiese, politieke en ideologiese teenstrydighede is wat die lewe en die geskiedkundige gegewens van Afrika-mense moet definieer. Dit behoort die basis te vorm waarop die nuwe meer funksionele en relevante benadering tot Afrika-literatuur gesetel moet wees. Literatuur is die produk van mense in die gemeenskap en ook produseerder en reproduseerder van waardes; dit is een van die min instrumente wat in diens is van die verskerping en mobilisering van 'n sosiale bewussyn. Wat derhalwe onmiddellik benodig word, is 'n bewustelike beweging na 'n materialisties-literêre interpretasiebenadering waar konteks, inhoud en vorm as veranderlike funksies van

sosiale verwantskappe gesien word. Dit behoort die werklike betekenis van die metafisiese, abstrakte en empiriese besonderhede aangaande Afrika-literatuur te herontdek. Maar meer nog: 'n oopdekking van die verwantskappe van literatuur met antropologie, geskiedenis, sosiologie, sielkunde en politieke ekonomie, om enkeles te noem. Meer materialistiese insigte is noodsaaklik vir die vorming van 'n nuwe kritiese tradisie vir Afrika-literatuur asook 'n nuwe idioom van kritiese diskoerse.

Dit sou veral ook die didaktiese faset van literatuuronderrig raak, en dit is uiters belangrik. Abiola Irele (1989:1) bevestig die behoefte aan heroriëntasie: "We ... have a situation in which literature is taught and commended upon in our Universities purely as a professional engagement, as part of an industry that functions as an end in itself."

Daar sal ook 'n nuwe kleding vir die kritikus gesoek moet word. Kritiek moet 'n produk van aktiewe bevraagtekening van menslike sosiale interaksie en kulturele manifestasie wees. In sy fundamentele vorm moet dit onafskeidbaar van die res van die sosiale diskoerse wees. Wole Soyinka (1989:1) stel dit só:

Very little ... has been attempted in studies of the critic as a socially situated producer, and therefore as a creature of social condition, a conditioning which

in fact offers no certitude about the nature of his commitment of the subject which engages him. His motivations indeed, about the very nature of his social existence.

Die posisie van 'n kritikus word beïnvloed en beneer deur die ideologiese waarneming van die klasformasies en sy gemeenskap. Binne die raamwerk van die groter geskiedkundige idees is dit belangrik om die rol van kritiek in die kulturele front van stryd te verstaan.

Die anti-imperialistiese stryd is nie 'n maklike ongekompliseerde eenrigtingproses nie. Dis 'n stryd teen die bese krag wat deur die eeue heen in Afrika gegroei het. Ook in Afrikaans moet dit opnuut beveg word.

## 2.6 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n literatuuroeskouing voor te stel wat gebruik sal kan word vir die evaluering van die poësie van swart Afrikaanse digters.

Allereers is enkele van die belangrikste begrippe wat in hierdie hoofstuk gebruik is, omskryf. 'Swart Afrikaanse digters' is woordkunstenaars (nie net etnies swart nie - die kwalifisering word metafories gebruik) wat deur middel van

taal die politieke woelinge van die tyd registreer en dokumenteer, en ingespan om die onderdrukte massa 'n stem te gee. 'n Mens sou dit 'people's poetry' kon noem, of in Afrikaans 'strydpoësie'. Die begrip 'sonbesiepoësie' het duidelike pejoratiewe waarde.

Die probleem ten grondslag van die studie is dat die meeste kritici die poëtiese produksie as blote niksbeduidende propaganda afmaak. Teen hierdie agtergrond kan 'swart Afrikaanse poësie' as 'n stryd teen onderdrukking, magsmisbruik en marginalisering gesien word, ook dan veral op kritiese vlak. Dit het gelei tot 'n bepaalde literatuuroopvatting: die (dikwels onuitgespelde) kriteria waarvolgens die lesende gemeenskap literatuur resepteer en beoordeel.

Met hierdie hoofstuk is die noodsaaklikheid uitgewys dat hierdie kanonieke literatuuroopvatting juis 'people's poetry' moet insluit om as 'n legitieme, verteenwoordigende en demokratiese literatuuroopvatting gereken te word.

Ten grondslag van die bepleiting van 'n nuwe en meer omvattende literatuuroopvatting in Afrikaans lê die nisie dat kuns al hoe meer van sy elitistiese vooroordele bevry moet word en nader moet beweeg na die breë volkslaag en hul kreatiewe ekspressies en kulturele node. In dié opsig sou 'n mens bepaald kan praat van die demokratisering van evaluering.

'People's poetry' as 'n nuwe verskynsel in die Afrikaanse literatuur vind direkte aansluiting by die tradisionele oratuur. Die evaluering van hierdie oratuur in skriftelike vorm behoort dan in hierdie kontekstualiserende perspektief te geskied, onafhanklik daarvan of dit (terseigertyd ook) 'n dokumentasie van "'n politieke noodtoestand" is. Sentraal in hierdie argument staan die onlosmaakbare verband van literatuur en maatskappy-'verbruik'.

Daar is aangetoon dat die wyse van oordrag 'n prominente faktor in orale poësie is. Dit is net in oordrag en voordrag dat orale poësie kan bestaan. Van al die kenmerke van orale poësie is die opvoering daarvan derhalwe die belangrikste. Anders as in die skriftelike vorm is die essensie van orale poësie die bewondering van die spel van uitvoering.

Met hierdie onderafdeling is gepoog om aan te toon dat 'people's poetry' 'n omvangryke en roemryke voorgeskiedenis as literêre manifestasievorm in die oratuur het. As nuwe groeipunt van 'n baie ou literêre tradisie kan en moet dit aanspraak maak tot insluiting van die heersende kanon.

Daar is uitgewys dat hierdie tipe poësie wel 'n politieke toestand dokumenteer, veral die onuitgespreekte (kollektiewe) emosies en opvattinge. Strydpoësie is die optekening van eietydse geskiedenis, 'n beslaggewing aan historiese

formasies wat dikwels verlore gaan.

Hierdeur word 'n uiters belangrike faset van strydpoesie uitgelig. Soos die dramateks eintlik net 'n teks-in-potensie is, en eers as literêre teks realiseer met die opvoering daarvan, sou 'n mens kon sê opgetekende versetpoesie is bloot maar net 'n heenwysing na die lewering daarvan. Dit het veral implikasies vir die genreverwagting waarbinne dié tipe poesie geplaas word. Die estetiese norme waaraan die teks gemeet moet word, behoort dié van die drama te wees, en nie soseer die van die poesie nie.

Die klempasing in die literêre evaluering was tot dusver op die verkeerde genreverwagting gerig. Indien dit reggestel word, sal die meeste besware teen die sogenaamde gebrek aan estetika in elk geval nie meer geld nie.

Die diskoers wat tot dusver oor strydpoesie / 'people's poetry' gevoer is, behoort reliëfstelling te kry binne 'n breër teoretiese sambreel. Dit lyk gepas, en dit is uiters aktueel, om poesie van dié inslag te situeer binne die breër kategorisering van Afrikaliteratuur. Meer materialistiese insigte is noodsaaklik vir die vorming van 'n nuwe kritiese tradisie vir Afrika-literatuur asook 'n nuwe idioom van kritiese diskoerse.

In hierdie lig behoort swart Afrikaanse poesie sy literere geldigheid as 'n geskikte onderdeel van die kanonieke

"literature proper" te verifieer. Indien evaluering sodanig geskied, sal 'people's poetry' nie meer as net 'n gemarginaliseerde randverskynsel beskou word nie. 'n Ander perspektief op evaluasie kan lei tot 'n nuwe literatuuropvatting asook die verbreding van die kanon.

\*\*\*\*\*

#### AANTEKENING BY HOOFSTUK 2

\*1 In hierdie afdeling van die studie word daar ruimskoots gebruik gemaak van insigte van Ferreira (1991). Vanweë die omvattendheid van die navorsing is dit uiters onmoontlik om nie ook van die aanhalings wat sy gebruik ook in my argument in te span nie.

## HOOFSTUK 3

### DIE TEKSTUUR VAN AFRIKAANSE 'PEOPLE'S POETRY'

#### 3.1 INLEIDING

Die poësie van swart Afrikaanse digters is nie geredelik en vanselfsprekend in die Afrikaanse kanon opgeneem nie. Soos alreeds in hoofstuk 2 verduidelik, voldoen hierdie 'sonbesie-poësie' nie aan die aanvaarde (maar dikwels ongedefinieerde) standaard van die esteties-gerigte literatuuropvatting van Afrikaanse kritici nie. Hierdie literaturopvatting, wat hoofsaaklik van Westerse oorsprong is, bevraagteken onder meer die volgende aspekte van die swart Afrikaanse poësie:

1. die dun tekstuur en die baie herhaling (dit wil se strukturele besware);
2. die afhanklikheid van openbare lewering (die teks is té afhanklik van sy konteks);
3. die feit dat dit dikwels politieke retoriek is (en gevolglik slegs blote dokumentasie onder die dekmantel van kuns is).

Met hierdie hoofstuk word gepoog om binne die bepaalde raamwerk wat daar in hoofstuk een en twee gestel is, antwoorde op sommige van hierdie kwelvrae te verskaf. Punte

2 en 3 hierbo is meer teoreties-filosofies en is reeds na navorser se mening voldoende in hoofstuk twee deurtrap. Die doel van hierdie hoofstuk is daarom om te gaan kyk na sekere rasette van die distinktiwe aard van 'people's poetry' uit 'n strukturele oogpunt om dit sodoende in juiste perspektief te plaas. Die oorkoepelende doel hiervan is om die aard van hierdie tekste vir die Afrikaanse poësie te omlin. Dit kry beslag in afdeling 3.2.

Dit is ook 'n kerndoel van hierdie hoofstuk om te bepaal of hierdie tipe poësie wel in so'n mate apart staan van die res van die Afrikaanse kanon dat daar geen sprake van intertekstuele gesprek is nie. Indien daar wel is, beteken dit dat versetpoësie 'n bepaalde appel maak tot die kanon, en dat dit organies gesproke uitreik na die kanon. In die opsig kan geverifieer word dat swart Afrikaanse poësie nie so gemarginaliseer is ten opsigte van kreasie nie, maar wel ten opsigte van kritiek. As eksemplariese voorbeeld hier sal twee gedigte met dieselfde tematiese strekking, een gekanoniseer, die ander ongekanoniseer, vergelykend bespreek word. Dit kom in afdeling 3.3 aan bod.

In samehang hiermee word ondersoek ingestel na die moontlikheid van die kontekstuele plasing van strydgedigte binne 'n bepaalde prominente kode. Dit is met ander woorde 'n poging om gedigte tematies-vergelykend in 'familieverband' te lees. As voorbeeld word die kind-kode in

versetpoësie gebruik.

### 3.2 STRUKTUURWETMATIGHEDE IN AFRIKAANSE 'PEOPLE'S POETRY'

Een van die dwingendste vrae deur die eeue in literatuurbeskouinge is: wat is die wese van 'n gedig? wat maak 'n klompie woorde poësie? Fowler (1971:ix) het gesê:

this search for a unified concept of 'literary language' (as opposed to 'ordinary discourse' or scientific language' or something of the sort) has been one of the greatest sources of confusion and error in poetic aesthetics



Om dié rede sal enige definisie van die begrip 'literer' slegs hipotetiese status hê (Van Collier 1982:122). In hierdie navorsing word Gouws (1988:103) se mening as hipotese aanvaar:

die teks wat as artistiek of literer gerealiseer word, kan net intuïtief gemotiveer word, en dan motivering in die oorspronklike afgeleide Latynse sin van movere, beweeg. 'n Literêre teks is 'n teks wat die leser esteties roer, in beweging bring.

Geoordeel aan die aard van orale poësie, sal een van dié distinktiwe kenmerke van 'people's poetry' wat jou raak of laat beweeg die vele herhalings en parallelismes wees. Dit

het mobiliserende mag. Dus, een van die maniere waarop na die tekstuur van versetpoësie gekyk kan word, sal die mate van konesie ten grondslag van die teks wees. Dit sal in die doel van die ondersoek beantwoord om aan te toon dat daardie 'people's poetry' is wat struktureel konesier en derhalwe neg is; kortom: goeie gedigte is. Die essensie van die gedig en die mate waarin dit sy funksionaliteit as literere produk aandui, is dus die hegtneid van sy struktuur en die voortvloeiende betekenismoontliknede daarvan.

Vir hierdie doel is die belangrikste tekste wat verteenwoordigend van 'people's poetry' is en as voorbeeldgedigte sal dien, geselekteer uit die bundel i qabane labantu (1989). In die voorwoord vermeld die samestellers dat die bundel ontstaan het uit die pogings om vas te stel wat 'people's culture' alles behels. Derhalwe het ons hier te doen met gedigte wat aanspraak kan maak as synde 'people's poetry', of dan versetpoësie.

Vervolgens word 'n aantal distinktiwe eienskappe van versetpoësie aan die hand van willekeurig gekose voorbeelde uitgewys.

Miskien die belangrikste distinktiwe eienskap van versetpoësie is dat dit eenvoudig en maklik verstaanbaar moet wees. Dit is gedigte wat met die toehoorders/lesers praat in die taal wat hulle baie maklik kan verstaan, want

dikwels is dit net in gesproke vorm wat dit gekommunikeer word.

(Uit 'n Westerse literatuurbeskouing sou 'n mens kon argumenteer dat 'n aspek soos eenvoud nie tuis behoort onder struktuurwetmatighede nie, maar in versetpoesie is die reikwydte van die semantiek, dit wil sê die verstaanbaarheid daarvan, die belangrikste voorwaarde vir die bestaan van die gedig.)

Die volgende gedig: 'Die munisipale werkers praat' (deur die Action Workshop) is sprekend hiervan:

1 Ons is die manne met die blou overalls  
2 wat in die koue winters  
3 met die winterhande langs slote in die aarde grawe.

4 Ons is die manne wat in nat overalls sweet.  
5 Drie dae in die jaar sien ons die see.  
6 Die res van die jaar werk ons.  
7 Ons verdien ons sweet Vrydag,  
8 Kanne kanne vol sweet.

9 Maandag skree die lanie: "Hei Tamie!!  
10 Staan krom boy, hou jou krom!"

11 Ons is die anties met die doeke om die kop  
12 met die Nylon-overalls wat net rose moet plant.  
13 Ons pay twee keer minder as dié van die mans  
14 tog kom ons Vrydag met meer in die sak terug.

15 Want: ons drink nie meer nie  
16 ons rook net Cavalia  
17 en Vrydag mors ons twee rand in die jol.

18 Ons is die anties met die doeke om die kop  
19 alhoewel ons sukkel om van hand tot mond te leef,  
20 maak ons môre se leaders groot!

Hierdie gedig is 'n treffende voorbeeld van die gedig wat

uit die werkersklas self ontstaan het. Dit is besonder eenvoudig (dit wil se maklik verstaanbaar). tog het dit 'n uiters verifvnde struktuur.

Die beelde is gehaal uit die gewone alledaagse werklikheid en bykans net so - sonder verestisering - in hul oorspronklike vorm weergegee (versreëls 3 en 8). Dit is opvallend dat die taalkode dié van die werkersklas is; woorde soos "overalls", "lanie", "anties" "pay" en "leaders" is deel van die groep se sosiolek. Dit raak bepaalde sosiale probleme aan wat so bekend is dat dit nie 'n ingewikkelde verduideliking vra nie (byvoorbeeld die neie kwessie van die mans wat Vrydagaande na "pay day" gaan drink, wat slegs deur die implikasie: "Ons pay twee keer minder as dié van die mans / tog kom ons Vrydag met meer in die sak terug" gedra word. [Dat hier ook 'n dubbele versweë implikasie is van seksisme, is so, maar dit is nie vooropgestel nie.] Daar is ook uiteraard 'n verwysing na klasverskille en gepaardgaande raspejoratiewe taalgebruik in versreëls 9 en 10.)

Die aanpassing van die taal om by die werklikheid te pas wat dit beskryf, le byvoorbeeld in die foutiewe idiomatiese gebruik in versreël 19: "om van die hand tot die mond te leef". Korrekte Afrikaans sou wees (en dit sou meer digterlik wees !): 'van die hand in die tand', maar so 'n ongewone semantiese konstruksie kan daik net Detekerlis-

versperrings teweegbring. (Daarbenewens is die mond duidelik 'n belangrike kode in hierdie gedig: dit is immers die munisipale werkers wat nou praat - gewoonlik moet hulle net luister na die lanie wat "skree", en dit net ter wille van die "pay" om hulle in staat te stel "om van hand tot mond te leef". "Mond" is dus semanties veel meer kohesief as "tand".) Ook is die metafoor: "Ons verdien ons sweet Vrydag" (sweet = geld) nie moeilik te agterhaal nie, omdat dit 'n spreektaalgelykstelling is.

Die gedig het 'n digte herhalingspatroon, wat deur die parallelismes inkantasiewaarde verkry:

strofe 1: "Ons is die manne ..."

strofe 2: "Ons is die manne ..."

strofe 4: "Ons is die anties ..."

strofe 5: "Ons is die anties ..."

'n Ander meervoudige parallelisme is die volgende:

3: ons grawe "slote in die aarde"

4: ons sweet "in nat overalls"

5: ons sien die see (net) "drie dae in die jaar"

6: ons werk "die res van die jaar"

7: "Ons verdien ons sweet Vrydag"

12: ons moet "rose ... plant"

13: "Ons pay twee keer minder"

14: Ons kom "Vrydag met meer in die sak terug"

- 15: "ons drink nie meer nie"  
 16: "ons rook net Cavalia"  
 17: ons mors "twee rand in die joi"  
 19: "ons sukkel om van hand tot mond te leer"  
 20: ons maak "more se leaders groot!"

Daar is 'n bepaalde patroonmatigheid of ordeelike iasering in hierdie gedig raak te lees: Die eerste twaalf parallelle strukture dui amai op die werklikheid van die werkersklasbestaan (selis dié van versreëls 16 en 17 wat dui op die karige plesiertjies wat hulle hulleseif gun). Hierdie patroon staan dan in direkte kontras met die laaste. klimaktiese teendeel van wat vroeër gekatalogiseer is. Hierin word die balans van die gedig gebring, en dié balans setel in hoop en verwagting: ons maak more se leaders groot! Al dié werkwoordelike pligte wat hulle dag vir dag bind (hier ook sintakties ikonies) word verduur deur die hoop en verwagting op 'n beter (politieke?) bedeling vir nulle kinders.

In hierdie opsig is dit dan des te meer gepas dat die verwingde spreekwoord wat hierdie laaste parallelisme vooraigaa, lui: "van hand tot mond leer". Dit is in der waarheid 'n kontaminasie of vermenging van twee ander spreekwoorde, te wete: "Van die hand na die mond val die pap op die grond" en "iemand iets hand en mond belowe". Albei hierdie spreekwoorde of idiome het 'n nosie van verwagting.

indien 'n mens dit uitlees (dit is uiteraard bykans onmoontlik as dit oraal gekommunikeer word) setel daarin 'n ironiese ondertoon van 'n verwagting wat daik teleurgestel gaan word.

Hiermee is duidelik aangetoon dat die oenskyklik eenvoudige gedig 'n bedrieglike en verraderlike tekstuele dimensie het wat ewe goed vergelyk met die struktuur van menigte ander gekanoniseerde gedigte. Al is dit so eenvoudig dat dit as 'n werkersgedig kan voorgedra word, is dit - skriftelik beoordeel - 'n uiters knap teks.

'n Voorbeeld soos hierdie wys duidelik uit dat die sogenaamde estetiese kriteria wat voorgehou word deur die Kanon en die Kritici deur die taal as sodanig en die kreatiewe werking van taal-in-interaksie totaal (!) ondermyn word. Hierdie gedig is nie doelbewus as estetiese teks gekonseptueer nie: "Dit is binne die konteks van people's poësie waar hierdie gedigte ontstaan het, waar hulle vandag nog op vergaderings gese en gelees word." (Coetzee & Willemsse 1989:15). En dit bevestig die veronderstelling:

En indien daar 'gehalte-uitsprake te lewer is, behoort dit verkieslik te wees vanuit die besef dat hierdie tekste nie as geïsoleerde stukkies woorde-op-papier gesien kan word nie, maar binne die konteks van 'n dinamiese en strydende people's kultuur. (p. 15)

Hiermee word die verskil in literatuuropvatting van die kampvegters vir 'people's poetry' en diegene wat die estetiese waarde van die letterkunde as onmisbaar beskou, op die spits gedryf. In versetpoësie is dit nie die estetiese waarde van die teks wat soseer saak maak nie, maar dat die teks sy bedoelde betekenis direk en ondubbeisinnig moet tuisbring. Alle ekstra betekenis is 'n donus, en miskien net van belang vir kritici wat dieper betekenis daaruit wil del. "Hoe die Letterkunde die gedig sien," se Coetzee & Willems (p. 15), "is miskien nie eers ter sake nie. Die gedig moet slegs effektiër tot die mense spreek."

### 3.3 KANON VERSUS NIE-KANON

Dit is vroeër gestel dat daar bepaal moet word in watter mate 'people's poetry' deur middel van intertekstuele gesprek wel 'n appél maak op die Afrikaanse kanon. Sodoende kan geverifieer word dat swart Afrikaanse poësie nie so gemarginaliseer is as wat algemeen aangeneem word nie. Ter voorbeeld hier sal twee gedigte met dieselfde tematiese strekking, een gekanoniseer, die ander ongekanoniseer, vergelykend bespreek word.

Antjie Krog word alerweë beskou as een van die belangrikste digters in Afrikaans (Brink 1986:16; Cloete 1986:10; Botna in Green 1990:44). Op grond van verskeie establismentpryse

(waar onder die Rapportprys en die Hertzogprys) wat sy ontvang het asook hoe sy in literatuurgeskiedenis behandel word, kan 'n mens met redelike sekerheid se sy is 'n gekanoniseerde digter.

Dit ten spyte daarvan dat sy haar baie sterk uitspreek teen die heersende hegemonie en self betrokke is by die strugle. Green (1990:44) noem in sy profielartikel die volgende geskiedenis:

NWU  
LIBRARY

in October last year, a jubilant crowd in Soweto who had gathered to welcome the freed Rivonia trialists home heard one of the poems she had written during (her) teenage years. Veteran African National Congress leader Ahmed Kathrada read 'My Mool Land' aloud because, he said, it had given him hope for the future during his long years of incarceration.

Met Hein Willemse se debuutbundel speel Kannemeyer (1988:439) in een enkele sin klaar: "In 1981 verskyn Hein Willemse se Angsland, rou amorfe verse oor politieke geweld." 'n Mens verstaan die vinnige 'geweeg en te lig bevind'-benadering omdat Willemse se bundel miskien ook deel is van die "poëtiese inflasie" waarvan Kannemeyer praat. Gelees egter teen sy uitspraak op die volgende bladsy oor die digbundel Amandla ngawethu van Patrick J. Petersen, dan is dit duidelik 'n reliëfstelling: "In Amandla ngawethu (1985) bundel Patrick J. Petersen verse met meer verbeelding

as die gemiddelde versameling vir swart lesers in die stryd teen apartheid."

Veral twee dinge val 'n mens op van die uitspraak. Allereers dat ander swart Afrikaanse digters met minder verbeelding skryf. Of dit nou 'n evaluatiewe uitspraak is oor die ynnig van beeldmateriaal of poëtiese tekstuur, of bloot 'n kategoriserende uitdrukking is dat swart Afrikaanse poësie per definisie (die "gemiddelde versameling") verbeeldingloos is, is nie seker nie. Dat hy egter hierdeur klinkklank marginaliseer, is duidelik.

Tweedens is dit geweldig insiggewend dat Kannemeyer as vermaerde kritikus en literere kroniekskrywer (en dus per implikasie kanoniseerder) meen dat die poësie van swart Afrikaanse digters bloot afgestem is op swart lesers in die stryd teen apartheid. As hierdie uitspraak sou kom van 'n swart Afrikaanse kritikus (soos inderdaad deur iemand soos Oliphant 1992:523-524 gedoen is), sou dit nie die ondertoon van marginalisering gehad het wat dit by Kannemeyer het nie. By implikasie meen Kannemeyer as kanoniseerder dat blanke lesers nie waardering sou kon he vir poësie van die aard nie (wat hulle ironies genoeg dan ook marginaliseer) én dat die tipe poësie bloot politieke dokumentasie is wat in die stryd gebruik word. Met ander woorde: hy laat geen moontlikheid vir 'n estetiese evaluering van die teks nie.

As die invloedryke kannemeyer so (on)berekend swart Afrikaanse poësie aïmaak, is dit duidelik dat nie Willemse of Petersen maklik in die kanon van die Afrikaanse letterkunde opgeneem sal word nie.

'n Saamlees van die gedig 'demonstrasieles' uit Jerusalemgangers (pp. 52 - 53) en die gedig 'die stormtroepe is in die strate' uit !qabane !abantu (p. 162) kan met vrug gebruik word om die interessante interaksie tussen kanon en nie-kanon te probeer peil.

Allereers Krog se gedig:

1 Ma. oggend 3e periode 9.34 kamer A29  
2 dosent : mev. A. Samuel vak: Afrikaans spes. SOD 1A  
3 spel van meervoude: droom dro-me drom drom-me  
  
4 buite breek rumoer  
5 as buskruitstrome skoolkinders  
6 bult af kontoer, skreeuend talm  
7 by die kollegehek. "Riots, mevrou," se Basti kalm  
  
8 Ruit deur kyk ek af: asof  
9 kolonnes miere pak kinders  
10 skreeuend die omheining vas  
11 in 'n droom loop ek trap af  
  
12 hoor klippe val op my wit passat  
13 die blik klap dromdun agterna  
14 as die voorruit skuimend spat  
15 snak iets klinkends in die kinders los  
  
16 'n rilling vibreer deur my bors  
17 studente peul klas uit skolier  
18 jil en smyt personeel word tee-  
19 kamer in ontbied: polisie is op pad  
  
20 ek wat vir niks bang is  
21 staan geheel verlam van vrees  
22 vrees soos 'n ysende angs van ongeken  
23 bloot bang en muurloos wit te wees

24 polisie stop in hulsels staal  
 25 houers traangas gewere grys en dik  
 26 soos geute waaruit patrone hang  
 27 en in stringe krale straat  
  
 28 radiobevele en draadversperrings  
 29 kerf elke skutter gesigloos in sy buitelyn  
 30 'n kind se liggaam Jeep op  
 31 gelaai wat tussen stewels bloei of sterf  
  
 32 onder begeleiding ry ons deur  
 33 bosse rook lokasie uit ruite  
 34 breek en vlamme spruit soos  
 35 kannas op donker stengels uit  
  
 36 anderkant  
 37 die barrikade  
 38 wag my  
 39 krytwit man  
  
 40 klasse busdienste opgeskort  
 41 gespanne naas mekaar lê dorpe  
 42 en onderdorpe. ondeurdringbare  
 43 kasspiere dool die rokende strate rond.  
  
 44 waar swart daagliks die bedrywige doek  
 45 uitvou waarteen wit opvallend beweeg  
 46 sluip, verby gaterige middedorpe  
 47 wit ontsteeld van winkeldeur na stoep  
  
 48 gedemp in geslote huise:  
 49 waarom dan so 'n vrees vir skoolkinders  
 50 wat met weinig meer as klippe  
 51 en drome gewapen kan wees?  
  
 52 met taaiste beste hout is rewolusie gepak  
 53 dié polsaar pyl bloed in jonk  
 54 die hand wat vonk smyt is die hand  
 55 wat drom en droom na mekaar toe gaan knak.

Volgens Brink (1986:16) handel die gedig "eksplisiet oor die geweld van 1985". Nienaber-Luitingh (1986:6) sê dat "die dreigende opstand (het) losgebars". Duidelik is hierdie gedig uit die oogpunt van 'n blanke persoon geskryf.

In teenstelling hiermee is die gedig 'die stormtroepe is in die strate' nie so duidelik gemarkeer ten opsigte van die

spreker nie:

- 1 die stormtroepe is in die strate  
2 die digters het hulle metafore begrawe  
3 die predikers is verbanne proiete  
4 die jong seuns is gekerkerdes  
5 die jong meisies is verkrag
- 6 die stormtroepe is in die strate  
7 die vroue was skotteigoed met hulle trane  
8 die ou vrouens se breipenne is gebreekte spiese  
9 die mans breek wyknantjies teen pantsers  
10 die ou manne vergeet hulle voorstoepkoerante
- 11 die stormtroepe regeer die strate  
12 hulle rugbybal seuns van pantsekar tot pantsekar  
13 die strate is nie leeg nie  
14 die stormtroepe regeer die strate
- 15 die skrywers sterf in die buiteland  
16 die predikers roep vergeefs hulle gode  
17 die ontmaagdes laai donderweer in hulle lope
- 18 die stormtroepe is in die strate  
19 die seuns dra spiese
- 20 die stormtroepe is ontman in die strate  
21 die meisies dra spiese
- 22 die stormtroepe is gekerker  
23 die kinders is in die strate

Duidelik is hierdie 'n gedig wat daartoe sal lei dat mense wat onbekend is met die politieke toestande in townships kan leer "van die woede, frustrasie en verlange elders", soos die rubriekskrywer Lood (1990:13) dit gese het, en dit "daarom interessant vind". Andere, soos die anonieme resensent (1990:3) van Weekly Mail, stel dat hierdie poesie eksemplaries is van:

'n reeks soortgelyke tekste waarmee lesers in die

komende jare geteister gaan word: die soort wat te veel protesteer ... Kuns word nou 'n opium van die massas, maar ek moet bekén dat hierdie straatopium is van so 'n gehalte dat dit net by die ongesofistikeerdste van gebruikers 'n 'high' sal veroorsaak.

Op dieselfde wyse as die bespreking in 3.2 hierbo sal die diggeweerde tekstuur van die strydgedig van Hein Willemsé uitgepluis kan word. 'n Mens hoef egter nie die vaatjie uit te drink om te proe hoe proe die wyn nie! Daarom word hierdie ongekanoniseerde gedig geplaas in reliëf met 'n ander gedig (van 'n gekanoniseerde digter) wat tematies bykans dieselfde onderwerp dek. In hierdie kursoriese vergelyking is dit veral van belang om agter te kom wat die verskil in perspektief is en of dit iets van die kanoniseringsproses sé. Die doel van die bespreking is dus nie om die gedigte as sodanig in besonderhede te analiseer, interpreteer en evalueer nie, maar eerder om die gesprek tussen hulle van naderby te beskou. Hierdie gesprek word spesifiek net op een verskil in perspektief gesentreer: die beskouing oor die rol van die polisie.

In albei gevalle word dieselfde situasie op verskillende maniere gesien, beleef en uiteindelik tekstueel uitgebeeld. Dit word reeds duidelik dat die swart digter en die wit digter elkeen op sy eie individuele manier die situasie van "struggle" beleef en daarom word dit ook in die tekste verskillend aan gestalte gegee. Die perspektiewe van die

beleving van die situasie verskil nemeisbreed van mekaar. Dit word die kernaspek van die argument later oor kanoniserings en nie-kanoniserings.

Ten opsigte van die onderhawige tekste word die kind as sentrale motief in die "struggie" uitgebeeld. Nietemin word hierdie "kind", wat meestal metafories uitgebeeld word, nie op dieselfde wyse gesien en verstaan nie.



Gedurende die 'demonstrasies', 'n spellingles in die Afrikaansklas (ook uiteraard simptome oor die motoriese rol wat Die Taal gespeel het in die Soweto-opstande van 1976), breek die geweld van "riots" op die speelgronde uit. Nog 'n ding wat hier belangriker word, is die feit dat die oproer buite deur swart skoolkinders veroorsaak word as deel van hulle bydrae tot die groot struggle van bevryding. Soos die kinders in die oproer mobiliseer en demonstreer, maak die polisie ook hul verskyning op die toneel. Kinders word nou soldate van 'n teenoffensief wat om hul eie regte veg. In Willems se gedig word gese: "die seuns dra spiese" (versreël 19) én "die meisies dra spiese" (versreël 21).

Belangriker in hierdie verband is dat dieselfde situasie deur die swart en die wit mens nie op dieselfde manier beleef word nie.

Die onderwyseres, wat haarself as mev. A. Samuel (die

getroude van van die digteres Antjie Krog) in die gedig bekendstel, in die gedaante van die wit vrou wat onderwys gee by 'n swart skool belewe die toestand as 'n buitestander. Die enigste manier waarop die situasie naar direk raak, is wanneer skade aan haar eiendom gedoen word of wanneer die betrokke mense in haar pad staan, of haar lewe bedreig.

Soos die titel van die gedig 'demonstrasieles' aandui, word 'demonstrasie' hier op die volgende wyses gebruik (HAI): Voorbeeldvertoning om te laat sien hoe iets werk of gedoen moet word (o.a. die aanleer van speireels); betoging deur voorstanders van 'n beleid; en bewysvoering. Laasgenoemde kan hier dui op 'n argument wat ontwikkel moet word oor die "voorbeeld" van die kind wat nie meer onder die kontrole van die volwassene wil bly nie. Dit lei tot 'n "demonstrasie" van die onderwyseres se insig oor die toestand waarin hul hulle bevind:

met taaiste beste hout is rewolusie gepak  
die polsaar pyl bloed in jonk  
die hand wat vonk smyt is die hand  
wat drom en droom na mekaar toe gaan knak

Soos die kinders, demonstreer ook die polisie nulle mag. Die wit onderwyseres is egter nie meer daar om dit te sien nie. Sy is beskermend weggevoer "onder begeleiding" van die polisie:

polisie stop in nulsis staal  
nouers traangas gewere grys en dik  
soos geute waaruit patrone hang  
en in stringe kraie straal

Die wapens van die polisie, wat haar beskerm, word in hierdie konteks verestetiserend gesien as "stringe kraie" ("in 'n snoer geryg, as 'n sieraad gedra" - MAI).

wat sy nie sien nie is daik juis die kruks van die saak. En hier verskil die werklikheid van wit en swart waarnemers grondiglik. In die magskonfrontasie wat volg word die perspektief gewysig.

Die datum 16 Junie 1976 is vasgebrand in die geneue van Suid-Afrika en sy mense. Vir wit Suid-Afrika was dit die eerste ondervinding van die woede en frustrasie wat sedert Sharpville 1960 in die swart gemeenskap dié voortsmeul het. Vir swart skoolkinders wat dag na dag voor polisiemanne en soldate gaan staan het met net asblikdeksels en klippe gewapen was om hul woede te demonstreer en hulself te beskerm, was dit die eerste skote in 'n stryd wat vir die volgende vyftien jaar die politieke agenda van die land verander het.

(Vrye Weekblad, 15 Junie 1990)

In die bostaande sitate is dit duidelik dat die swart en wit mense hierdie situasie verskillend beleef en verstaan. Dit is dan ook die rede waarom die wit dosent in

"demonstrasieles" nie deel voel van die hele gebeurtenis nie - sy is in der waarheid tot die periferie van haar wit bestaan gemarginaliseer. Dit is waar wat Chapman (1989:23) sê: "the authority of experience rather than its transformation into the art-object has become a real locus of power".

Ten spyte van Krog se betrokkenheid by die strugle, bly haar perspektief eersterangs "krytwit" (vgl. versreël 39). En in dié opsig is die leksikale kwalifisering van "kryt" belangrik (weer hoofsaaklik HAT): uitwisbare wit skrif van 'n gipsstafie wat in plaas van egte kryt gebruik word om op 'n skoolbord te skryf; afgeperkte ruimte vir 'n wedstryd, bv. in boks of stoei, strydperk; (ww): hard roep, veral uit angs; huil of ween.

Miskien is dit die duidelikste wat dié gedig demonstreer: die wit digter het nie die outoriteit om oor die swart situasie te skryf nie. Dikwels word sy pogings niks meer nie as, soos Van Niekerk et al. (1991:38) dit genoem het, 'n "breë toerisme van opinies".

Soos reeds vroeër gesê is daar baie tematiese raakpunte tussen die gedigte 'demonstrasieles' en Hein Willems se 'die stormtroepe is in die strate'. Eersgenoemde as gekanoniseerde estetiese teks is weliswaar gegrond op 'n bepaalde ervaring, en toe verdig tot poëtiese metafoer. (Later sê Krog self in Lady Anne: "dié keuse stink na

voorreg".) Om die rede sou Krog se teks esteties gesproke miskien meer dig wees as Willemse se teks - in sy teks konstateer hy immers: "die digters het nulle metafore begrawe". Watson (in Parry 1990:16) poneer:

Black literature has to teach, to inform, to motivate the reader or spectator directly as condition of its validity as literature ... in the black townships, no one is interested in aesthetics: everyone reads to learn, to find a reflection of their oppression or a commitment to liberation. People vote with their feet, and walk away from 'literary' writing.

Barend Toerien (1990:11) se in 'n resensie van die bundel Quabane Labantu dat Willemse se gedig "het al die elemente van 'n suksesvolle politieke gedig: eenvoud, direktheid, mnemotiek van herhaalde frases".

Die inkantiewe eerste reïreinreël van die gedig: "die stormtroepe is ..." dikteer die gedig. Dit is duidelik 'n verwysing na die aanwesigheid van die weermag en die polisie in die townships (wat vir baie lank 'n belangrike politieke strydpunt was). Volgens die HAT is stormtroepe (mv): "troepe met besondere uitrusting vir 'n stormaanval; troepe gekies vir die gevaarlikste aanvalle; stoottroepe."

As gevolg van die aanwesigheid van die stormtroepe "in die

strate" is daar 'n gedwonge stilswye. Vanaf die tweede versreël in die eerste strofe word 'n katalogus gemaak van die effek van hulle aanwesigheid op die stilswye en magteloosheid van die mense in die woonbuurt. Digtens wat eintlik veronderstel is om die mondstuk van die mense te wees, word tot stilswye gedwing. Hulle het "hul metafore begrawe." Predikers (met bevrydingsteologie?) is "verban": Jong seuns is bes moontlik in aanhouding sonder verhoor ("gekerkerdes"); Jong dogters seksueel gemarginaliseer. So word 'n gemeenskap stilgemaak.

Die "stormtroepe" wat so aanwesig is, teenoor die afwesigheid van die res, is ook in die gedig dierend "aanwesig". Hulle simboliseer daardie krag wat teen die mense werk. Daar word gedomineer deur mag te misbruik: "die stormtroepe regeer die strate".

Waar die mense vryelik hulle daaglikse aktiwiteite aan die gang moet sit, word hulle voorgekeer en stilgemaak. Hierdie proses is (selfs) nie net 'n vreedsame ontneming van eie regte nie; diegene wat nie daaraan gehoor wil gee nie, word gewelddadig daartoe gedwing.

Die soldate was nie net daar om wet en orde te handhaaf nie. Hulle word dié kriminele wat die wandade pleeg. Die soldate en hul wapens word 'n simbool van groot vernietiging waarin genadeloosheid die oorhand neem. Soveel anders as by Krog word die polisie en weermag hier gebeeld - en die wesensaard

van die verskil te nie in die politieke oortuiging van die digter nie. nee. Dit is op die vlak van ervaring of nie ervaring nie. En dit bring ons by 'n belangrike implikasie: 'people's poetry' of versetpoësie kan net groei uit die voetspore van die digter wat onlosmaakbaar deel is van "die strate" van die township. Vroeër is gestel dat die kwalifisering swart in 'swart Afrikaanse poësie' metafories gebruik word. Maar 'n mens kan nie van uit jou veilige voorstedelike vesting van 'n studeerkamer (met oëwering en veiligheidsnekke) 'n gedig oor die strugle skryf nie. Versetpoësie, in Anon. (1990:15) se woorde:



is wêreld verwyder van die irriterende gewetesam waarmee sommige wit versetdigters probeer with it wees. Hier is daar nie plek vir die luuksheid van selfbejammering en die al te bekostigbare jammerhartigheid nie. Hier is daar nie plek vir die walglikheid van onoortuigende amandla-cliches nie. Hier leef dit van bloed, stof, traangas ... en werklike pyn.

Versetpoësie is absoluut gegrond op die werklikheidservaring van die digter op voetsoolvlak. Die versetdigter is in die 'strugle'; dit is onlosmaakbaar van die ruimte waarbinne hy asemhaal. Hy kan onder geen omstandighede daarvan losgemaak word nie. Die vooropgestelde, herhaaldelike gebruik van die voorsetse "in" in die gedig beklemtoon veral dit.

'n vergelyking van die twee tekste wat hierbo bespreek is, is vir die doel van hierdie studie in meer as net een opsig van belang. Die belangrike verband daartussen is dat in albei tekste dieselide tema of verbandhoudende temas as onderwerp ter sprake kom. Daarbenewens is albei digters ten nouste betrokke by die 'struggle'. En albei skryf poësie om hulie werklikheidservaring te ver-beeld. Dat die twee perspektiewe mekaar aanvul, is so, en dit maak die saamlees van tekste in die kanon met tekste wat nie in die kanon is nie, 'n belangrike raamwerk waarbinne evaluerende lees moet plaasvind. 'n mens sou self kon se dat die een die supplement van die ander word.

In dié opsig is Viljoen (1992:199) se opmerking oor kanons en kanonisering van belang:

Die groot paradoks van die huidige gevoeligheid vir kanons en kanonisering is juis dat kritiek op die heersende kanon beskou kan word as die wyse waarop die kanon hom aanpas by die nuwer omstandighede. Teenstanders van die kanon is juis besig om ander tekste te kanoniseer, waardeur die kanon lewend genou word. Die kanon kan dus nie aigeskat word nie; hoogstens hersien of deur 'n ander vervang word. En die huidige debat oor kanons kan beskou word as die reaksie van die literere bedryf op sy marginale status in 'n samelewing waarin hy deur ander magte gedomineer word.

Die sentrale argument ten grondslag van hierdie navorsing is dat die kanon van die Afrikaanse literatuur tot nou tog baie min gereflekteer het van die verskillende en verskeidenheid kreatiewe kragte in die totale Afrikaanse samelewing. Dit is voorgehou dat dit 'n verarming is van die kanon deur slegs tekste tot die binnekamer toe te laat wat die waarmerk van die Westerse estetika by wyse van spreke op hulle voornooi het. Dit geskied dan ook dikwels deur kritici, nekwagters en so meer wat bepaald nie die geskakeerde perspektief het van die produksie van hierdie tipe literatuur nie.

In navolging van Viljoen wil navorser met hierdie studie die aandag vestig op die belangrikheid van die insluiting van Afrikaanse 'people's poetry' in die Afrikaanse kanon. Soos uit die produktiewe saamlees van die twee gedigte hierbo geblyk het, voer gekanoniseerde en nie-gekanoniseerde tekste saam "die onvoltooide groot gesprek".

Om in die woorde van Brink (1989:54), in sy belangwekkende artikel 'Ideologie, poësie en Afrika' saam te vat:

Dus: om die estetiese te ontken of te minag, is net so erg as om die historiese, of sosiale, of politieke dimensie van enige gegewe menslike ervaring te ontken. Anders gestel: om die 'estetiese' te ontken is net so 'n dwaling as om te maak asof die die 'estetiese' al is wat bestaan (of: asof dit losgemaak kan word van sy

ganse konteks. / Die laaste jare het ons dan eintlik geleer: nie om die estetiese as te skryf nie, maar om dit opnuut te definieer. In die Weste het ons as konsekwensie van 'n lang tradisie 'n elitistiese en selfs akademiese betekenis aan 'esteties' gaan toedig. Dit is wat radikale hersiening verdien: nie die bestaan van die estetiese as sodanig nie.

As Jeanette Ferreira (1990:15), in haar resensie van i qabane labantu stel: "Die leser moet daarmee rekening hou dat hierdie poësie nie in isolasie gelees wil word nie," is dit 'n belangrike aanduider van die kontekstuele benaderingswyse wat die voorgestelde literatuuropvatting vir Afrikaanse 'people's poetry' ten grondslag lê.

In die twee gedigte wat in hierdie hoofstuk bespreek is, het die teken van die kind besonder sentraal gestaan. Maar ook in die gedigbespreking in hoofstuk twee, toe die teks 'Die munisipale werkers praat' onder die loep gekom het, was die kind as teken 'n prominente gegewe.

As Krog in haar gedig vra:

waarom dan so 'n vrees vir skoolkinders  
wat met weinig meer as klippe  
en drome gewapen kan wees?

dan bevestig dit dat daar in die 'people's poetry' in Afrikaans 'n standhoudende en terugkerende kindkode is. 'n

Mens sou derhalwe die kind as kode in Afrikaanse 'people's poetry' 'n merker van versetpoesie kon noem.

Die kind as soldaat soos in literere geskreie uitgebeeld word, kan bes moontlik terugkerlei word na die Soweto-onluste in die jaar 1976. Dit is juis in hierdie jaar waarin skoolkinders in opstand gekom het met die onaanvaardbare praktyke van die apartheidstelsel. Die oorsaak van hierdie protes was rondom die gebruik van Afrikaans as voertaal in swart skole. Die volgende uittreksel toon die skoolkind se rol in hierdie stryd aan:

Junie 1976 het 'n domino-erfiek op die politiek van die land gehad - die gevaar van aanhouding, marteling en tronkstraf het daartoe gelei dat die jeugdige land-uit moes vlug en in aanraking gekom het met die ondergrondse strukture van organisasies wat nulle het uit die monde van ou mense gehoor het.

(Vrye Weekblad, 15 Junie 1990)

Miskien was dit Ingrid Jonker (1983:74) se seminale teks 'Die kind' oor die destydse menseslagting by Sharpeville, Orlando en Nyanga wat as die (m)oe(de)reks van hierdie kode gereken kan word:

#### Die Kind

Die kind is nie dood nie  
die kind lig sy vuiste teen sy moeder  
wat Afrika skreeu skreeu die geur  
van vryheid en neide

in die lokasies van die omsingelde hart .

Die kind lig sy vuiste teen sy vader  
in die optog van die generasies  
wat Afrika skreeu skreeu die geur  
van geregtigheid en bloed  
in die strate van sy gewapende trots

Die kind is nie dood nie  
nog by Langa nog by Nyanga  
nog by Orlando nog by Sharpeville  
nog by die polisiestrasie in Phillippi  
waar hy lê met 'n koeël deur sy kop

Die kind is die skadu van die soldate  
op wag met gewere sarasene en knuppels  
die kind is teenwoordig by alle vergaderings en  
wetgewings  
die kind loer deur die vensters van huise en die harte  
van moeders  
die kind wat net wou speel in die son by Nyanga is orals  
die kind wat 'n man geword het trek deur die ganse  
Afrika  
die kind wat die reus geword het reis deur die hele  
wêreld

Sonder 'n pas

Die genoemde voorbeeld het in die jare wat daarop gevolg het baie digters aangemoedig om die rol van die kind in die "struggle" tot bevryding te gedenk. Derhalwe het daar geweldig baie gedigte oor die kind in die daarop volgende jare verskyn.

Die kind as sentrale figuur in die stryd het wereldwye aandag begin trek met die simboliese eerste slagoffer van die 1976 Soweto-onluste. Hector Petersen is volgens die polisierekords op twaalfjarige ouderdom deur die polisie doodgeskiet. In verband met sy dood is die volgende inligting uit polisie se rekord van die gebeure in daardie

jaar verkry:

<u>Naam</u>	<u>Volksgroep</u>	<u>Ouderdom</u>	<u>Datum</u>	<u>Woonplek</u>	<u>lyding</u>
Peter- sen, H.	swart	12 Jaar	16/6/ 76	Oriando	skiet- wonde

Aanspreeklikheid

aanspreeklikheid  
kon nie bepaal  
word nie

Verklaring

die oorsede is deur die polisie  
doodgeskiet tydens die konfrontasie  
voor die Oriando-Wes Sekondere skool

Die dood van Hector Petersen het 'n onuitwisbare spoor in die geskiedenis van die politiek (en in die letterkunde) van Suid-Afrika gelaat. As gevolg hiervan is apartheid as monster gebeeld wat swart kinders vernietig. Dit is ook hoe die kind die essensie van die 'struggles' begin word het, en ook hoe hy as die uiteindelijke oorwinnaar in literere werke voorgestel word.

**NWU  
LIBRARY**

Dit blyk ook baie duidelik uit die Jonker-gedig. In die gedig word die herhaling en parallelismes bykans 'n inkantering. Daardeur word die kind wat reeds oorsede is weer in die lewe teruggeroep. Met ander woorde, die kind wat in die stryd teen ongeregtigheid doodgemaak is, word weer sterk en lewend. (Op die mitiese implikasies word nie verder ingegaan nie.) Hy word 'n soldaat wat veg om sukses te kan behaal en uiteindelik word hy die oorwinnaar van sy teenstanders en moordenaars. Die dood van die kind in konfrontasie met die polisie is vir die massas nie regtig

die ware dood nie. Elke keer wanneer die kind dood gemaak word, word die woede van protes geïntensiveer. Met hierdie dood bring die kind nuwe lewe vir nuwe generasies van die onderdrukte meerderheid. Die vegtende kind is reeds immuun vir die dood wat met die koeël van 'n geweer veroorsaak word. Trouens, hy bly steeds groei ('n belangrike taset van die gedig) en word 'n skaduwee wat oor die hele land val (opmerklik is daar 'n parallel met die versreëls van Krog: "waar swart daagliks die bedrywige doek / uitvou waarteen wit opvallend beweeg").

(Dit sou 'n studie op sigself wees om al die gedigte oor en van Hector Peterson, en al die kinders wat hom 'gevolg' het, te bestudeer. Hy is nie net 'n politieke simbool nie, maar word ook 'n literere ikoon van verzet.)

Na 1976 het politieke bewussyn onder die swart gemeenskap baie sterk toegeneem. Baie digters (veral die sogenaamde swart Afrikaanse digters) het oor die kind se betrokkenheid in die politieke stryd begin skryf. Die kode van die kind as leier, as soldaat en as redder van die volk is 'n standhoudende en belangwekkende kode.

Die gedig 'Die kind (2)' van Jan Swanepoel (1980) in sy bundel Wat ver is en naby is direkte gesprek met die digter en naar "papierkind". Die motto van die gedig lui so:

"die woorde mag verander maar  
oral bly die naat"

Die eerste strofes van die gedig:

ingrid, ek moet iets vir jou se.  
dis oor die kind van jou. nee, nie simone  
maar jou papierkind, die een  
wat met die geur van vryheid en van heide  
deur die wereld heen marsjeer,  
die swart-op-wit inskrywing  
van daardie een wat platgeskiet is  
in wat was dit? Nyanga? Guguietu?

ja, die klein lewe  
deur 'n koeël kortgeklits  
al oor die twee dekades terug  
het so op sy papiermanier bly leer  
getaal in die gedig vertaal  
in wie weet hoeveel tale  
al oor die twee dekades terug  
het so op sy papiermanier bly leer

dis oor die slotreël dat ek skryf,  
die aanklag wat my klein kind geruk het  
in die merg : die dompas  
het sopas die pas gekry  
(want sien, dit kos te duur)  
voortaan staan die naam van swartes  
ook in die lewensboek geskrywe  
nes hul Blanke, Kleurling- en Indiërlaangetote

Verskoon my, wat sou jy tog weet  
van die driekamerbedeling en die heel naaste  
retoriek? jy weet, dis lank nie meer  
kafferboeties en kommuniste  
verdringing en verswaring  
identiteit etnisiteit apartheid  
aïsonderlike ontwikkeling  
selfbeskikking plurale demokrasie  
konstellasie van state aparte vryhede  
en wie weet wat nog nie

Die feit dat dit 'n "papierkind" is, hou onder andere in  
dat dit 'n rekord sal bly wat nie vergeet sal word nie. Soos  
Jonker dit stel het hierdie kind egroei. man geword en

seis reus geword. Maar dit is veral vertel in die sange, die toesange en die teensange, en al die nernaaldelike werk tot lewe (ook op papier) wat nou in gestalte 'n oorwinnaar gemaak het.

As dokumentasie-middel is versetpoësie weliswaar van wesenlike belang.

En ja:

die kind is nie dood nie  
maar Hector Petersen was the first  
to die

maar hy bly voortleer as lewende woord.

### 3.4 SAMEVATTING

Die sentrale argument ten grondslag van hierdie navorsing is dat die kanon van die Afrikaanse literatuur tot nou toe nog baie min gereflekteer het van die verskillende en verskeidenheid kreatiewe kragte in die totale Afrikaanse samelewing. Dit is voorgehou dat dit 'n verarming is van die Afrikaanse kanon. Die esteties-gerigte literatuuroppvatting van Afrikaanse kritici bevraagteken onder meer die dun tekstuur van swart Afrikaanse poësie.

met hierdie hoofstuk is daar, binne die bepaalde raamwerk wat daar in hoofstuk een en twee gestel is, sekere eienskappe van die distinktiwe aard van 'people's poetry' uit 'n strukturele oogpunt omlin. Die belangrikste distinktiwe kenmerke van 'people's poetry' is semantiese eenvoud, herhalings en parallelismes, asook die inter(kon)tekstuele situering binne bepaalde prominente kodes in versetpoësie.

Een van die grondslae van 'n literatuuropvatting oor Afrikaanse 'people's poetry', is bevind. is dat in die evaluering daarvan die kohesiewe tekstuur verreken moet word.

Aan die hand van 'n 'people's poem' is duidelik aangetoon dat die oënskynlik eenvoudige gedig bedrieglike en verraderlike tekstuele dimensie het wat ewe goed vergelyk met die struktuur van menigte ander gekanoniseerde gedig. Al is dit so eenvoudig dat dit as 'n werkersgedig kan voorgedra word, is dit - skriftelik beoordeel - 'n uiters knap teks.

Daar is bevind dat versetpoësie 'n bepaalde appel maak tot die kanon, en dat dit organies gesproke uitreik daarna. In die opsig kan geverifieer word dat swart Afrikaanse poësie nie gemarginaliseer is ten opsigte van kreasie nie, maar wel ten opsigte van kritiek. As eksemplariese voorbeeld hiervan is twee gedigte met dieselfde tematiese strekking, een gekanoniseer, die ander ongekanoniseer, vergelykend bespreek.

in albei gedigte word dieselfde situasie op verskillende maniere gesien, beleef en uiteindelik tekstueel uitgebeeld. Dit word reeds duidelik dat die swart digter en die wit digter eikeen op sy eie individuele manier die situasie van 'struggle' beleef en daarom word dit ook in die tekste verskillend aan gestalte gegee. Die perspektiewe van die belewing van die situasie verskil hemelsbreed van mekaar. 'people's poetry' of versetpoesie, is uitgewys, kan net groei uit die voetspore van die digter wat onlosmaakbaar deel is van "die strate" van die township. Dat wit en swart se perspektiewe mekaar wel aanvul, is so, en dit maak die saamlees van tekste in die kanon met tekste wat nie in die kanon is nie, 'n belangrike raamwerk waarbinne evaluerende lees moet plaasvind. 'n Mens sou self kon se dat die een die supplement van die ander word.

Hierdie studie wou die aandag vestig op die belangrikheid van die insluiting van Afrikaanse 'people's poetry' in die Afrikaanse kanon. In hierdie hoofstuk is uitgewys dat 'people's poetry' in Afrikaans nie in isolasie gelees wil word nie. (Die standhoudende en terugkerende kindkode is as voorbeeld ter illustrasie gebruik. 'n Mens sou dernalwe die kind as kode in Afrikaanse 'people's poetry' 'n merker van versetpoësie kon noem.) Dit is 'n belangrike aanduider van die kontekstuele benaderingswyse wat die voorgestelde literatuuropvatting vir Afrikaanse 'people's poetry' ten

gronslag le.

## HOOFSTUK 4

### SAMEVATTING EN SLUTSOM

Die sentrale argument in hierdie studie was die vraagstuk: in watter mate is swart Afrikaanse poësie dié 'dokumentasie', en hoe voldoen dit aan die 'estetika'-norme waaraan Westerse poësie in die algemeen gemeet word. Meer nog: moet die tipe poësie nie eerder binne 'n Afrika-raamwerk gelees en waardeur word nie? En wat sal so 'n literatuuropvatting behels?

NWU  
LIBRARY

Dit is duidelik dat hier twee teenmekaarwerkende tradisies ter sprake is: aan die een kant die Westerse tradisie wat in wese 'skriftelik' van aard is en die Afrika-tradisie wat in wese 'n 'orale' tradisie is. Orale literatuur, waarvan 'people's poetry' in Afrikaans 'n belangrike onderdeel uitmaak, word derhalwe ook volgens die Westerse eis vir estetika beoordeel. Soos blyk uit die beoefening van die literatuurkritiek in Afrikaans word die 'Afrika-model' as ongunstig vir evalueringdoeleindes beskou.

'Swart Afrikaanse digters' is woordkunstenaars (nie net etnies swart nie - die kwalifisering word metafories gebruik) 'n Mens sou dit 'people's poetry' kon noem, of in Afrikaans 'strydpoësie'. Die begrip 'sonbesiepoësie' het duidelike pejoratiewe waarde, is bevind.

Dit net duidelik uit die studie geelyk dat hierdie sogenaamde 'versetpoësie' in Afrikaans (op grond van resepsieverstae) duidelik nie die toets van die ongespreekte kriteria vir kwaliteit deurstaan nie, met die gevolg dat 'swart Afrikaanse poësie' dikweis as irrelevant en onvoldoende vir 'literature proper' beskou word.

'n Maatstaf, eie aan Afrika, wat gebruik kan word in die daarstelling van 'n literatuuroppvatting vir die beoordeling van 'people's poetry' in Afrikaans is die volgende: Die poësie van die swart Afrikaanse digters behoort op die maatstaf van sy eie kontekstuele milieu en gesitueerdheid benader en geëvalueer te word. Hierdie (dikweis onuftgespelde) kriteria word geformuleer deur die gemeenskap wat deur daardie literatuur gedien word.

Ten grondslag van die bepleiting van 'n nuwe en meer omvattende literatuuroppvatting in Afrikaans lê die nosie dat kuns al hoe meer van sy elitistiese vooroordele bevry moet word en nader moet beweeg na die breë volkslaag en hul kreatiewe ekspressies en kulturele node. In die opsig sou 'n mens bepaald kan praat van die demokratisering van evaluering. Uiteraard, en dit is in besonderhede uitgewys, hou dit verreikende gevolge vir kanonisering in.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie kanonieke literatuuroppvatting juis 'people's poetry' moet insluit om

as 'n legitieme, verteenwoordigende en demokratiese literatuuropvatting gereken te word.

'People's poetry' as 'n nuwe verskynsel in die Afrikaanse literatuur vind direkte aansluiting by die tradisionele oratuur. Die evaluering van hierdie oratuur in skriftelike vorm behoort dan in hierdie kontekstualiserende perspektief te geskied, onafhanklik daarvan of dit (terseigertyd ook) 'n dokumentasie van "'n politieke noodtoestand" is. Sentraal in hierdie argument staan die onlosmaakbare verband van literatuur en maatskappy-'verbruik'.

Daar is aangetoon dat die wyse van oordrag 'n prominente faktor is in orale poësie. Dit is net in oordrag en voordrag dat orale poësie kan bestaan. Van al die kenmerke van orale poësie is die opvoering daarvan derhalwe die belangrikste. Anders as in die skriftelike vorm is die essensie van orale poësie die bewondering van die spel van uitvoering.

Met hierdie onderafdeling is aangetoon dat 'people's poetry' 'n omvangryke en roemryke voorgeskiedenis as literêre manifestasievorm in die oratuur het. As nuwe groeipunt van 'n baie ou literêre tradisie kan en moet dit aanspraak maak tot insluiting van die heersende kanon.

Daar is uitgewys dat hierdie tipe poësie wel 'n politieke toestand dokumenteer, veral die onuitgesproekte (kollekt-

nuwe) emosies en opvattinge. Strydpoësie is die optekening van eietydse geskiedenis, 'n beslaggewing aan historiese informasies wat dikwels verlore gaan.

Hierdeur word 'n uiters belangrike faset van strydpoësie uitgelig. Soos die dramateks eintlik net 'n teks-in-potensie is, en eers as literere teks realiseer met die opvoering daarvan, sou 'n mens kon se opgetekende versetpoësie is bloot maar net 'n heenwysing na die lewering daarvan. Dit het veral implikasies vir die genreverwagting waardinne die tipe poësie geplaas word. Die estetiese norme waaraan die teks gemeet moet word, behoort dié van die drama te wees, en nie soseer die van die poësie nie.

Die klemplasing in die literere evaluering was tot dusver op die verkeerde genreverwagting gerig. Indien dit reggestel word, sal die meeste besware teen die sogenaamde gebrek aan estetika in elk geval nie meer geld nie.

Die diskoers wat tot dusver oor strydpoësie/'people's poetry' gevoer is, behoort reliëfstelling te kry binne 'n breër teoretiese sambreel. Dit lyk gepas, en dit is uiters aktueel, om poësie van dié inslag te situeer binne die breër kategorisering van Afrikaliteratuur. Meer materialistiese insigte is noodsaaklik vir die vorming van 'n nuwe kritiese tradisie vir Afrika-literatuur asook 'n nuwe idioom van kritiese diskoerse.

voorts is sekere fasette van die distinktiwe aard van 'people's poetry' uit 'n strukturele oogpunt omyn. Die belangrikste distinktiwe kenmerke van 'people's poetry' is semantiese eenvoud, herhalings en parallelismes, asook die inter(kon)tekstuele situering binne bepaalde prominente kodes in versetpoësie (waarvan die kindkode besooner prominent is).

Een van die grondsae van 'n literatuuropvatting oor Afrikaanse 'people's poetry', is bevind, is dat in die evaluering daarvan die kohesiewe tekstuur verreken moet word.

NWU  
LIBRARY

Aan die hand van 'n 'people's poem' is duidelik aangetoon dat die oënskynlik eenvoudige gedig bedrieglike en verraderlike tekstuele dimensie het wat ewe goed vergelyk met die struktuur van menigte ander gekanoniseerde gedig. Al is dit so eenvoudig dat dit as 'n werkersgedig kan voorgedra word, is dit - skriftelik beoordeel - 'n uiters knap teks.

Daar is bevind dat versetpoësie 'n bepaalde appel maak tot die kanon, en dat dit organies gesproke uitreik daarna. In dié opsig kan geverifieer word dat swart Afrikaanse poesie nie gemarginaliseer is ten opsigte van kreasie nie, maar wel ten opsigte van kritiek.

As eksemplariese voorbeeld hiervan is twee gedigte met

dieselfde tematiëse strekking, een gekanoniseerd, die ander ongekanoniseerd, vergelykend bespreek.

'People's poetry' of versetpoësie, is uitgewys, kan net groei uit die voetspore van die digter wat onlosmaakbaar deel is van "die strate" van die township. Dat wit en swart se perspektiewe mekaar wel aanvul, is so, en dit maak die saamlees van tekste in die kanon met tekste wat nie in die kanon is nie, 'n belangrike raamwerk waarbinne evaluerende lees moet plaasvind. 'n Mens sou sê kon se dat die een die supplement van die ander word.

Hierdie studie wou die aandag vestig op die belangrikheid van die insluiting van Afrikaanse 'people's poetry' in die Afrikaanse kanon. In hierdie hoofstuk is uitgewys dat 'people's poetry' in Afrikaans nie in isolasie gelees wil word nie. Dit is 'n belangrike aanduider van die kontekstuele benaderingswyse wat die voorgestelde literatuuropvatting vir Afrikaanse 'people's poetry' ten grondslag lê.

Uiteindelik is daar in hierdie studie bevind dat die konsep 'estetika' opnuut gedefinieer moet word. In die weste is daar 'n lang tradisie waarin 'n elitistiese en akademiese betekenis aan 'esteties' gaan toedig - dit is wat in Afrika-konteks radikale hersiening verdien.

Hiermee is al die hipoteses geverifieer en is daar akademies

beslag gegee aan 'n bepaalde literatuuropvatting wat gebruik kan word in die evaluering van 'people's poetry' in Airikaans.

In hierdie lig is swart Airikaanse poesie se literere geldigheid as 'n geskikte onderdeel van die kanonieke "literature proper" wetenskaplik gemotiveer. Indien evaluering sodanig geskied, sal 'people's poetry' nie meer as net 'n gemarginaliseerde randverskynsel beskou word nie. 'n Ander perspektief op evaluasie kan lei tot 'n nog meer verruimender literatuuropvatting asook die verbredig van die kanon.

\*\*\*\*\*

'N LITERARY VIEW ON THE EVALUATION OF  
'PEOPLE'S POETRY' IN AFRIKAANS

RICHARD MPOBE LETSHOLO  
BA (ED); BA (HONS); JSOK



Submitted in fulfillment of the requirements for the degree  
of MASTER OF ARTS in the Department of Afrikaans in the  
School of Education at the University of Bophuthatswana.

Supervisor: Prof. Tom Gouws

Mmabatho  
November 1993

## SUMMARY

The central questions posed by this study were: the extent to which black Afrikaans poetry is merely a documentation of a political epoch; and whether this poetry complies with the aesthetic norms of the Western poetical tradition. What contextual framework should be considered in an examination thereof? Should it be read and evaluated within its African framework and context?

It is evident that two contradicting traditions are dealt with in this study: the Western tradition (which is in essence basically presented in a written form) and the African tradition (which is mainly of oral origin). Oral literature, of which 'people's poetry' forms an important part, has also usually been evaluated according to western expectations of literary aesthetics.

'People's poetry' basically documents political events and can only be realized to its full potential in this context. It also has certain implications for the genre expectation under which this type of poetry is placed. The aesthetic norms according to which the text must be measured, are bound to be that of drama and not necessarily that of poetry.

The important distinguishing characteristics of 'people's poetry' are its semantic simplicity, repetitionsness and parallelisms, with special emphasis on the cohesiveness of the texture, and also the intercontextual setting within certain prominent codes determined by the poetry of resistance.

This study has sought to focus attention on the importance of the inclusion of Afrikaans 'people's poetry' in the Afrikaans canon. This study has also clearly spelt out the fact that 'people's poetry', especially in Afrikaans, does demand certain critical and contextual parameters and does not allow itself to be read and interpreted in isolation.

In conclusion, it has been shown that the concept 'aesthetics' needs to be redefined in a new way. The Western tradition of aesthetic evaluation is elitistic and academic. This tradition needs a literary revision within the proper African context of community involvement.

\*\*\*\*\*

## BIBLIOGRAFIE

- Anon. 1989. Die digter van vandag skryf oor stakings. Die Transvaler, 1 Desember. p. 4.
- Anon. 1990a. Van hart tot kliphard. Die Volksblad, 27 Januarie. p. 15.
- Anon. 1990b. I quabane labantu, ed. Coetzee & Willemsse (review). Weekly Mail, 22 Junie. p. 4.
- Amuta, C. 1989. The theory of African literature. London: Zed Books.
- Brink, A.P. 1986. Antjie Krog bring merkwaardigste poësie van 1985. Rapport, 19 Januarie. p. 16.
- Brink, A.P. 1989. Ideologie poësie en Afrika. De Kat, Julie. p. 54.
- Chapman, M. 1989. Writing in a state of emergency. Southern African Review of Books, January. p. 14.
- Cloete, T.T. 1986. Bundel van gemengde waarde. Die Volksblad, 22 Februarie. p. 10.
- Cloete, T.T., Malan, C. & Botha, E. 1980. Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig. Goodwood: Nasou.
- Coetzee, A. 1989. Read the silences: Afrikaner literature and the transformation of South African society. Southern African Review of Books, August/September. p. 12.
- Coetzee, A. & Willemsse, H. (reds.). 1989. I quabane labantu. Bramley: Taurus.
- Coetzee, C. 1990. Drie nuwe poësie-versamelbundeis. Die Transvaler, 11 Junie. p. 6.
- Conradie, P., Constandaras, N. & Van Wyk, J. (reds.). 1988. SA in poësie/SA in poetry. Pinetown: Owen Burgess.
- Cronin, J. 1988. 'Even under the rime of terror...': insurgent South African poetry. Staffrider 8(2). pp. 30-47.
- De Jong, M. 1989. 'n Ander Afrikaanse letterkunde: Marxisme en sosiaalgerigte teksopvattinge in Afrikaans. Pretoria: RGN.
- Dekker, G. 1980. Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Goodwood: Nasou.

- Ferreira, J. 1990. Estetiese kriteria en historiese bewussyn: poesie in die noodtoestand. vrye weekblad. 18 Mei. p. 15.
- Ferreira, J. 1991. Die versoeningsmoontlikhede van twee stellige literere norme in people's poetry. (Ongepubliseerde referaat gelewer by die SAVAL-kongres. Vanderbijlpark.)
- Finnegan, R. 1977. Oral poetry. London: Cambridge University Press.
- Fowler, R. 1971. The languages of literature: some linguistic contributions to criticism. London: Routledge & Kegan Paul.
- Gerwel, G.J. 1985. Van Petersen tot die hede: 'n kritiese bestekopname. In Smith, J., et al., (reds.). Swart Afrikaanse skrywers. Belville. UWK. pp. 11-21.
- Girillian, F.R. 1989. Die dilemma van die Afrikaanse letterkunde: 'n indruk. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 29(4), Desember. pp. 251 - 268.
- Gouws, T. 1988. Die transskriptuele lees : nlaat, haplografie en transkripsie in die poesie van Breytenbach, Krog en Cloete - 'n logolinguale lesing. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoer Onderwys.
- Gouws, T. 1992. Paradigms lost: sense-making fictions in the Africanisation of Afrikaans. Mmabatho: UNIDO. (Inaugural Lecture Series.)
- Green, P. 1990. New Jerusalem. Leadership SA, 9(7), August. pp. 44 - 54.
- Hambidge, J. 1990a. 'n Streng keurder was nodig. Beeld, 19 Maart. p. 8.
- Hambidge, J. 1990b. Dirk-der-Duisende se voorskrifte en die volkskultuur. Insig, Maart. p. 43.
- Hambidge, J. 1992. Kritikus prik opgeblase Engelse letterkunde. Beeld: 1 Junie. p. 3.
- HAT kyk Odendal, F.F., et al., reds.
- Irele, A. 1990. The African imagination. Research in African literature, 21(1), Spring. pp. 49 - 67.
- Jonker, I. 1983. Versamelde werke. Johannesburg: Perskor.

- Kannemeyer, J.C. 1984a. Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1. Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1984b. Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 2. Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1988. Die Afrikaanse literatuur 1652 - 1987. Pretoria: Academica.
- Krog, A. 1985. Jerusalemgangers. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Krog, A. 1990. Lady Anne. Bramley: Taurus.
- Kundera, M. 1989. Life is elsewhere. London: Faber & Faber.
- Langa, M. 1989. A rainbow on the paper sky. Bramley: Taurus.
- Liebenber, W. 1989. Wat is 'n Marxistiese benadering tot die letterkunde? SAVAL-kongresreferate IX, April. Potchefstroom. pp. 292 - 307.
- Lindenberg, E., red. 1979. Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde. Pretoria: Academica.
- Lood (pseud.) 1990. 'n Rym oor die pyn. Beeld, 1 Februarie. p. 113.
- Louw, N.P. van Wyk. 1981. Versamelde gedigte. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Neame, L.E. s.a. General Hertzog. s.l.: Essex, Hurst & Blackett.
- Nwoga, D.I. 1976. The limitations of universal critical criteria. In Smith, R., red. Exile and tradition: studies in African and Caribbean literature. New York: Africana Publishing Company. pp. 8 - 30.
- Nienaber, P.J. 1982. Perspektief en profiel. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber-Luitingh, M. 1986. Minder outobiografieë: Krog kyk na ruimer konteks van SA samelewing. Beeld, 3 Februarie. p. 6.
- Odendal, F.F., et al. 1985. HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor.
- Oliphant, A. W. 1990. Esteties en politiek. Stilet, 2(2), September. pp. 41 - 51.
- Oliphant, A.W. 1992. Swart literatuur in Suid-Afrika. In Cloete, T.T., red. Literere terme en teorieë. Pretoria: HAUM: Literêr. pp. 514 - 525.

- Olivier, G. 1990. Is jy vir of teen die struggie? vrye Weekblad Boeke, Somer/Heris. pp. 12
- Oversteegen, J.J.A. 1982. Beperkinge: metodologiese recepte en andere vooronderstellings en vooroordele in die moderne literatuurwetenskap. Utrecht: nes.
- Parry, A. 1990. Black writing. Southern African Review of Books: January. p. 16.
- Rive, K. 1981. The black writer in South Africa. In Malan, C & Smit, B. (reds.). Skrywer en gemeenskap: tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde. Pretoria: HAUM-Literer. pp. 154 - 157.
- Small, A. 1984. Die skryfambag en apartheid. In Malan, C & Smit, B. (reds.). Skrywer en gemeenskap: tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde. Pretoria: HAUM-Literer. pp. 217 - 220.
- Swanepoel, J. 1980. Wat ver is en naby. Kaapstad: Iareberg.
- Toerien, B.J. 1990. Dis noodtoestandpoesie om van kennis te neem. Burger, 17 Mei. p. 11.
- Van Coller, H.P. 1982. Teoretiese benaderings van belang vir Afrikaanse navorsing. In Malan, C., red. 1984. SA letterkundernavorsing: verslag van 'n navorsingsimposium. Pretoria: RGN. pp. 121 - 131. (SENSAL-publikasies nr. 11.)
- Van Niekerk, M. 1989. Struggie van die gewetensvolle skrywer. Die Suid-Afrikaan, Junie/Julie. p. 41.
- Van Niekerk, M., Jansen, E. & Odendaal, W. 1991. Bree toerisme van opinies. Die Suid-Afrikaan, Junie. p. 38 - 42.
- Viljoen, H.M. 1992. Kanons en kanoniserings. In Cloete, T.T., red. Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM: Literer. pp. 196 - 199.
- Watson, S. 1989. As banerul as any other type of ignorance. Weekly Mail, 11 May. p. 26.
- Willemsse, H. 1985. Neigings en opvattinge by die jonger swart Afrikaanse skrywers. In: Smith, J. et al., (reds.) Swart Afrikaanse skrywers. Belville: UWK. pp. 69-77.
- Willemsse, H. 1990. Black Afrikaans "sonbesiepoesie". SA Review of Books, Febr. - May. p. 16.

\*\*\*\*\*